**BINNE**


**KAMPUSLEWE:**
Chauvinistic B.O.R.S. exposed – 3
Nuwe prims – 16

**AKTUEEL:**
Sanksies teen SA ondersoek – 10
Onderhoud met Chris Jacobs – 11

**NUUS:**
Tutu daag nie op vir vergadering – 2
SR erken Nusas – 2
Toegangsbeheer by Bib – 7

**KUNS:**
Onderhoud met Niki Daly – 14



Pectora roborant cultus recti

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT

Jaargang XLII Nr. 11 DONDERDAG, 18 SEPTEMBER 1986




Foto: Die Burger

Die tien finaliste vir Mej. Matieland is Saterdag by die Simonsig Wynlandgoed aangewys. Dié geleentheid is in samewerking met Eikestad Motors aangebied. Die finaliste is (agter van links) Deidre Lubbe, Chris de Waal, Bettina Kröning, Gwenifer van der Merwe, Lizma van Zyl, (voor) Heather Jacobs, Cornelia le Roux, Elmarie van Zyl, Lize van Zyl en Marike Roux.

# Jacobs lei SR

## Front kom op US teen apartheid

BEHOUDENDES het met die verkiesing van die voorsitter en Uitvoerende Komitee van die Studenteraad verlede Donderdag hul oorheersing van die studentepolitiek finaal bevestig. Mnr. Chris Jacobs, leier van die behoudende meerderheid op die Studenteraad, is tot SR-voorsitter verkies, terwyl die res van die Uitvoerende Komitee ook deur behoudendes gevul is.

Die stigting van 'n nuwe organisasie, wat teen alle vorme van rasse-diskriminasie gekant is, is ook verlede week bespreek. Vier lede van die vorige Studenteraad, mnre. Phillip Verster, Johan Olivier, Johannes Roberts en me. Margot Lochrenberg, het die leiding in die bespreking geneem.

Mnr. Frans Volschenk, wat soos mnr. Jacobs vir sy tweede termyn in die Studenteraad dien, is tot ondervoorsitter verkies. Mnr. Nickie Smit is tot sekretaris verkies, met mnre. Hein Brand en Robert Knobel as addisionele lede.

Mnr. Hennie Bester (PSO), leier van die verligte groep binne die Studenteraad, is vir alle poste op die UK benoem, maar is nie verkies nie.

Behoudende lede binne die SR het vóór die verkiesing van die Uitvoerende Komitee byeen gekom om die SR-voorsitterskap, wat tussen mnre. Volschenk, Jacobs en Bester beslis is, te bespreek.

### Vergadering

Volgens mnr. Barnard Beukman, voormalige voorsitter van die NP-Studentetakke, het me. Mardia van der Walt, oud-ondervoorsitter van die SR, op die Sondag voor die UK-verkiesing 'n byeeenkoms van behoudende SR -lede in haar woonstel gereël.

Me. Van der Walt het by navraag ontken dat só 'n byeenkoms plaasgevind het.

Mnr. Beukman het gesê die vergadering is deur mnre. Hein Brand, Johann Engelbrecht, Robert Knobel, Francois Beukman, Nickie Smit, Faffie Jansen en me. Zenda Barnard bygewoon.

Een van die nuwe UK-lede, mnr. Hein Brand, het bevestig dat 'n vergadering gehou is. Volgens hom was mnre. Jacobs en Volschenk nie na die vergadering genooi nie omdat besluit sou word wie tot SR-voorsitter verkies moet word.

Hy het gesê hulle het die saak bespreek en gestem "om te kyk wie stem vir wie". Volgens hom is eenstemmigheid nie bereik nie.

### Front

Mnr. Robert Knobel, een van die nuwe UK-lede het gesê hy was Sondagaand in me. Van der Walt se woonstel. Hy wou geen kommentaar lewer oor wat daar gebeur het nie.

Me. Zenda Barnard, 'n SR-lid wat volgens mnr. Beukman die vergadering bygewoon het, het die bestaan van die vergadering ontken.

Verskeie studenteleiers het verlede week byeen gekom om die stigting van 'n organisasie teen apartheid te bespreek.

Die stigting van só 'n organisasie is deur die gewese SR-voorsitter, mnr. Phillip Verster, en twee oud-SR-lede, mnr. Johannes Roberts en me. Margot Locherenberg, voorgestel. Die vergadering is deur 23 mense, onder wie die voorsitter van van Stellenbosch Jong Progressiewe, mnr. Adrian Louw, mnr. Johan Olivier, 'n gewese SR-lid, mnr. Jaco Malan, voorsitter van SAAK en mnr. Dave Waddilove, voorsitter van Nusas-Stellenbosch, bygewoon.

Mnr. Verster het as voorsitter opgetree. Volgens mnr. Verster gaan die organisasie, wat waarskynlik as die Verenigde Stellenbosch Front bekend sal staan, hom nie met kampuspolitiek bemoei nie, maar "breëre landspolitieke kwessies" aanspreek. Só 'n front sal getallegewys 'n "groter bedingingsmag" hê.

Volgens mnr. Verster sal die front teen alle vorme van rasse-diskriminsasie gekant wees.

# Werkers ontevrede oor salarisse

Deur MICHÈLLE KRUGER

ONTEVREDENHEID heers onder koshuiswerkers oor lae salarisse en beweerde rasse-diskriminasie.

In 'n berig in die vorige uitgawe van Die Matie is mnr. Naas Lindeque, 'n lid van Aksie Sosiale Geregtigheid, se bevindinge na die werk- en lewensomstandighede van koshuiswerkers, gepubliseer. Die berig het wye reaksie by die werkers uitgelok. Die werkers wat op die berig gereageer het, verkies om anoniem te bly uit vrees dat hulle hul werk kan verloor.

### Salarisse

Volgens me. Martli Visser, ASG-voorsitter, is die reaksie van die werkers " 'n bewys dat daar nog baie gedoen moet word om verhoudings te verbeter."

Volgens die koshuiswerkers word hulle afgeskeep in vergelyking met die fakulteitswerkers wat hoër salarisse kry. Die fakulteitswerkers geniet derhalwe ook meer voordele, soos mediese skemas.

'n Koshuiswerker, wat nie haar naam genoem wou hê nie, beweer dat sy haar hele gesin op 'n maandelikse salaris van R187 moet onderhou. Sy het verder geen kennis van USKOR se mediese hulpprogram nie.

### Betaal

Die werkers voel dat daar op grond van hul velkleur teen hulle gediskrimineer word. Wit werkers aan die Universiteit kan ongebruikte siekteverlof laat ophoop, terwyl dié van bruin en swart werkers verval.

Die werkers is ook ontevrede omdat hulle betaal word volgens die tipe werk wat hulle doen en nie volgens hul aantal diensjare nie.

Die Administrasie het na wat beweer word al beloftes aan die werkers gemaak wat nie nagekom is nie. 'n Voorbeeld hiervan is 'n brief aan sekere koshuiswerkers waarin werkers ná 15 jaar van diens 'n maand se ekstra verlof toegeken word. Werkers wat hieroor navraag gedoen het, moes hoor dat dé reëling verval het.

Volgens mnr. Horst Feiland, wat in beheer van die werkersaangeleenthede by die Administrasie is, was die kwessie van die omsendbrief 'n "misverstand by Administrasie".

'n Verteenwoordiger van die werkers het aan Die Matie gesê word hulle minder betaal as die werkers van die Universiteit van Kaapstad.

Hulle kry ook nie dubbele vergoeding vir werk wat oor naweke gedoen word nie. Volgens mnr. David de la Croes van die Universiteit van Kaapstad word hul koshuiswerkers definitief meer as R350 per maand betaal. Die vrouekoshuiswerkers aan die US se hoogste salaris is R325.

Die werkers wil 'n "selfverteenwoordigende komitee" stig, het 'n verteenwoordiger van die werkers gesê. Daar word beoog

(vervolg op bl.2)

# Tutu siek, daag nie op vir groot vergadering

BY RUSSELL FIELD


BISKOP DESMOND TUTU kon nie opdaag op 'n vergadering wat deur meer as 'n duisend mense verlede Vrydag bygewoon is. Prof. Nico Smith van Unisa in sy plek opgetree.

Voor die vergadering het PSA-lede pamflette teen Biskop Tutu onder die mense versprei. Die vergadering is gesamentlik deur Cathsoc, Ansoc en Nusas gereël. Volgens prof. Smith het die swart woongebiede met hulle swak geriewe as "swart konsentrasiekampe" bestempel.

"As gevolg van hierdie toestande het hulle niks beter om te doen as om te drink en kinders te reproduseer nie. Witmense wat vinger wys na die groot families van die Swartmense, besef nie die oorsake daarvan nie," het hy gesê.

Volgens hom is die onderdrukking van Swartmense die oorsaak van hulle geweldadige uitkyk op die lewe.

Hy het gesê geweld is besig om 'n



Aartsbiskop DESMOND TUTU

manier van lewe in Mamelodi te word.

Die tweede spreker, mnr. Colin Jones, studente-leraar van die Anglikaanse Kerk op UWK, het gesê Witmense in Suid-Afrika is besluitloos. "Met hul bevoorregte posisie van sekuriteit en rykdom aan die een kant, en hul gewete aan die ander kant, is die besluit vir baie witmense moeilik en vir sommige selfs onmoontlik," het hy gesê.

Volgens hom is een van die probleme die feit dat wit kinders as rassiste grootgemaak word.

Hy het gesê swartmense word moeg van praat en dat die tyd besig is om uit te loop.

Volgens die organiseerders was dit die Rektor, prof. Mike de Vries, se besluit om die vergadering geslote te hou, om die moontlikheid van geweld op die vergadering te voorkom.

'n Woordvoerder vir die Rektor het egter gesê die besluit is deur Ansoc geneem en het niks met die Rektor te doen gehad nie.

Die organiseerders het laat blyk dat biskop Tutu moontlik gou op Stellenbosch sal optree.

## Werkers

(vervolg van bl.1)

dat hierdie komitee alle Universiteitswerkers, bruin en swart, sal verteenwoordig.

Volgens Mnr. Feiland bestaan daar reeds twee aparte komitees vir bruin en swart werkers, en staan sy deur altyd oop vir alle werkers wat klagtes het.

Volgens mnr. Naas Lindeque, wat die ondersoek van die ASG geloods het, is 'n verdere klagte van die werkers dat R 21 van hul salarisse afgetrek word vir die gratis etes wat hulle by die koshuise kry. Mnr. Feiland het gesê die enigste aftrekkings wat van die werkers se salarisse gemaak word, 'n pensioen aftrekking en R 1,52 vir hul werkloosheidsversekeringsfonds is.



Prof. Nico Smith is gesels met 'n belangstellende ná verlede Vrydag se veragdering. Mnr. John Clarke, voorsitter van Cathsoc, kyk toe.

# Nusas recognized as society at US

By RUSSELL FIELD

NUSAS has been officially recognised by the SRC as a student society on campus.

This was one of the last decisions of the outgoing SRC and was made on a meeting of the SRC's Executive Committee.

According to the chairman of Nusas, Mr David Waddilove, this will have a "limited effect" on their organisation. "Certain benefits will remove administrative problems," Mr Waddilove said.

Nusas may from now on enjoy the advantages of a registered organisation, which include the use of notice boards, all non-academic locations and an office on campus.

They will share an office with the Chess Club in Crozierstreet.

Nusas is not entitled to financial support from the SRC and may not be fully integrated as a society.These priviliges may not be granted to political organisations.

In terms of the new constitution of the Student Union, the SRC is under obligation to recognize all student organisations who apply for recognition.

According to Mr. Johann Wege, the former SRC-member for organitations, the recognition of Nusas was the result of an increasing awareness among students in the area of politics." This need is succesfully accommodated in the new regulations," mr Wege said.

The chairman of the Popular Students Alliance, Mr. Nicolas Myburgh, said Nusas was "one of those unpleasant things that will have to be lived with".

"The increased exposure resulting from the registration of Nusas will show students that they are really a group of white, left students with nothing to offer," he said.

# Crossing at Drie Gewels 'still dangerous'

By DANETTE BREYTENBACH

NOTHING has been done to safeguard the dangerous railway crossing at the Drie Gewels Hotel since a student, Mr Pieter Jooste, was killed by a train at the Carnaval rock concert in March. A country music festival is to be held at 18 October at the same venue.

This week Ms De Vos, owner of Drie Gewels, said that she and her husband had been asking the SAR to do something all year, "but no changes had been made at the crossing point".

A worker at the Vlottenburg Station stated that safety lights were to be implemented but at the present moment nothing had been done.

The Station Master of Vlottenburg Station who prefers to remain anonomous, said the crossing was a "private concern" and therefore not their responsibility. He said the SAR had promised safety lights, but at the same time he stated the crossing was the concern of the Divisional Council and not the SAR's.

The Divisional Director of the South African Railways, Mr Bertie Heckroodt, could not be reached for comment.

According to the secretary of the Divisional Council, Mr Michiel de Waal, the crossing at the hotel is a "private one".


EDRICH (EDMS) BPK

POSBUS 174
FOON/PHONE 71177/71137

RYNEVELDSTR./STREET 34
STELLENBOSCH
7600

PROFESSIONEEL BY NAAM
(40 Jaar van Diens)

★ Ons neem u foto's by die gradeplegtigheid by D. F. Malan-sentrum

★ Kom na ons nuwe ateljee vir grade foto's saam met u ouers/vriende en geniet 'n glasie vonkelwyn met ons komplimente ter viering van u graad

★ Togas en bande vir alle grade beskikbaar

★ Afsprake kan gereël word tot 20h00

★ As u nie tevrede is met ons kwaliteit nie, betaal u nie

★ Net die beste is goed genoeg vir baie jare se harde werk

★ NIEMAND klop ons met raamwerk nie

EDRICH TEL. 71137

## Karnavaltema vir 1987

DIE Karnaval-tema vir 1987 is die regte geleentheid vir skeppende, skertsende humor!

Wat pas saam of pas nie saam nie? Groen-en-Goud, Maroen-en-Geel, Sunny skies and Chevrolet, Terreblanche-en-Tutu, Grease-and-Peace, Asterix-and-Obelix, Green eggs and Ham, Grasshoppers en Stilletto's of sakkie-sakkie en Sigue Sigue Sputnik (UGH!).

The possibilities are endless.

Dus kan beide passende en kontrasterende kombinasies vir die Vensterversierings en vlotoptogte gebruik word. Let's make it an unmatchable Carnival!

DATUMS:
VENSTERVERSIERINGS:
12 Februarie
KERMIS:
13 Februarie
VLOTOPTOG:
14 Februarie (oggend)
ROCK FESTIVAL
14 Februarie (middag)
KARNAVALDANS:
14 Februarie (aand)

# B.O.R.S. gets exposed

**By ANDREW WEEKS**

PREGNANCY: The solution to the riddle of womankind – Nietzche, "daardie fantastiese Duitse filosoof uit die vorige eeu".

This was a lingering and, for some, outrageous thought shared with a mob of street theatre enthusiasts last Wednesday afternoon by Mr Fris Frik Forsbors, founder of and spokesman for B.O.R.S. (Beywaraars vir die Oervrou se Regte in die Samelewing.)

In a ceremony in which B.O.R.S. was officially exposed to the student public, a heavily bearded Mr Forsbors delivered the (adapted) speech which won him a prize of R500 in the Prestige Redenaarskompetisie in March this year.

Mr Forsbors had some heavy support from a menacing troop of hooded bodyguards wielding sjamboks, and the inevitable contingent of black-clad Kappie Kommando Oervrouens, squealing and shouting in the front row. Also present were guests Lemaryn Louw (stunning in a black dress and hat), Ms Matieland 1986; MsMardia van der Walt, former vice-chairlady of the SRC; and Ms Seugnet Naudè, former vice-chairlady of the Primaria Committee.

On the role of women in society, Mr Forsbors attacked "modern feminism" as proposed by the Mother of the Lie, Simone de Beauvier (at this point he spat damningly at the floor, raised his fist and proclaimed himself the true Prophet of Feminism).

Just at the point in the proceedings where Mr Forsbors was justifying his position that women should not be allowed to enter universities, ("every woman sitting here today...is sitting in the place of a MAN!") his bodyguards were called upon to display their magnificent range of skills, by fending off the barrage of rotten cabbages, cauliflowers and other kitchen leftovers hurled by a group of disgruntled "feminists".

Quoth Vetfaan Visvinger, bodyguard, "The whole thing smelt bad!"

So much for Mr Forsbors: "Women belong in the kitchen"...and "women can be useful as personal assistents to men students: taking notes in class, making photostats, etc."

Is woman, as Mr Forsbors again quoted Nietzche, the most dangerous plaything?
*Yes, Yes, YES!*

**Signed copies of Mr Forsbors' speech with pamphlets are available for only 50c from the SRC-office.**



Mr Fris Frik Forsbors delivering his speech.



Voornemende debutantes en karnavalmeester hier saam met Me. Matieland, Lemaryn Louw. V.l.n.r. is Wilma van der Merwe, Rhinus Beukes, Lemaryn Louw, Elmarie van Zyl en Annemarie Smit.

# Debs en meesters skryf in

**Deur MARIKA MOSTERT**

DIE eerste inskrywings vir die debutantes en karnavalmeesters vir 1987 het op 9 September by 'n kaas-en-wyn byeengekom. Die voornemende debutantes en karnavalmeesters is daar ingelig oor wat op hulle wag.

Die karnavalvoorsitter, mnr. Robert Bricout, het by die geleentheid gesê dit gaan oor meer as geldinsamel, pryse en die debutantebal. Volgens hom gaan Karnaval in hoofsaak oor liefdadigheid en "om vir die minderbevoorregtes die lewe 'n bietjie makliker te maak, aangesien hul behoeftes soveel groter is as ons s'n".

Die hooffunksie van die debutantes en karnavalmeesters, saam met Karnaval, is om geld vir USKOR, die Universiteit van Stellenbosch se Klinieke-organisasie, in te samel. USKOR beywer hom vir die opheffing van bruin gemeenskappe.

Die organiseerder van die geldinsamelingveldtog, mnr. Rinus Beukes, meen dat die eerstejaars oor die algemeen nie weet wat debutant-wees behels nie. Volgens hom staan die mans op kampus apaties teenoor karnavalmeesters. Hy skryf dit toe aan 'n gebrek aan inligting.

Hy sê egter dat wanneer daar individueel met mans gepraat word oor deelname aan karnavalmeesters se geldinsamelingsveldtog, daar wel 'n positiewe belangstelling blyk te wees.

Die inskrywingsyfer vir die geldinsamelingveldtog is tans 200, maar die Karnavalkomitee verwag dat daar nog inskrywings sal wees. Die komitee beoog om die inskrywings eers na die eerste week van volgende kwartaal finaal te sluit om sodoende nog mense kans te gee om in te skryf.

Die Matie het met verskeie van vanjaar se debutantes en dié van vorige jare gepraat. Almal is dit eens dat die debutantebal, wat jaarliks in 'n bekende vyfsterhotel gehou word, ongetwyfeld die hoogtepunt is. Daar word ook die spesiale vergunning gemaak dat die debutantes en karnavalmeesters teen 'n minimum tarief na die debutantebal in die hotel oornag.

Die meeste debutantes stem saam dat die tradisionele dra van wit rokke by die bal tot die gevoel van prestige en samehorigheid, wat die bal kenmerk, bydra.

Baie voel dat die gesellighede wat deur die jaar gehou is, nie so suksesvol was nie, omdat dit gewoonlik te styf en formeel was.

Dis volgens hulle regtig die moeite werd om deel te neem aan die geldinsamelingsveldtog en 'n kans wat elke Matie met albei hande moet aangryp. Die professionaliteit waarmee die hele veldtog hanteer word laat mens belangrik en nuttig voel en jy weet dat die geld wat jy insamel vir 'n goeie doel is.

# Maties se mooistes gekeur

PRAGTIGE meisies, netjies uitgevat en met grimering kundig aangewend, het Saterdagmiddag aan hul wyn geproe en na die TV gesit en staar, waar John Travolta sy danspassies uitgehaal het. Hulle was by die finale keuring vir Mej. Matieland op Simonsig Wynlandgoed.

Die keuring het Saterdagmiddag om eenuur begin. Die lede van die Karnavalkomitee het, netjies gekleed in moderne pakke (saam met die standaard-sonbril) het na die meisies se geringste wens omgesien.

Vir die meisies was dit mooi dink en flink praat voor die beoordelaars – onder wie mnr. Robert Bricout, Karnavalvoorsitter, en me. Lemarryn Louw, die huidige Me. Matieland.

Naas haar "gewone" pligte wat met die wen van 'n kompetisie soos Mej. Matieland saamhang, skakel sy ook nou met Uskor, die Universiteit se welsynsorganisasie aan wie die opbrengs van Karnaval gaan.

# Dawner laat dag breek vir trapkarre


DAWNER, Dagbreek se antwoord op die trapkarspanne van die Noorde, het onlangs daarin geslaag om vir die eerste keer in jare weer 'n Stellenbosse trapkar in die boonste vyf trapkarspanne in die land te plaas.

By die laaste groot wedren van die jaar in Durban het Dagbreek se span ten spyte van verskeie terugslae 'n baie goeie negende plek behaal. Daarmee het hulle gesorg dat hulle 'n algehele derde plek in die landswye kompetisie uitgeslaan het, wat die afgelope paar jaar deur Transvaalse spanne soos Tukkies en Yskor oorheers is.

Dié laaste wedren was die toppunt van 'n baie suksesvolle jaar vir Dagbreek-span, wat op Tygerberg en Stellenbosch derde plekke behaal het. Dit was die eerste keer dat 'n span van Stellenbosch aan beide wedrenne deelneem.

Daarna het 'n uitnodigingswedren op Vredendal gevolg, wat deur Dagbreek gewen is. Die laaste twee wedrenne – in Pretoria en Durban – was deurslaggewend en Dagbreek het onderskeidelik 'n derde en negende plek verwerf.

Met 'n derde plek in dié seisoen agter die blad en groot planne in die vooruitsig, wil dit lyk asof Dagbreek met Dawner in die 1987-seisoen selfs nog beter sal vaar om Stellenbosch stewig te vestig in die nasionale trapkarkompetisie.



Helgard Smit, 'n HK-lid van Dagbreek, in aksie.

# INTER-BROKKIES

## Student ontdek 'nuwe' komeet wat Halley s'n sal uitstof

PASADENA, KALIFORNIË. – 'n "Nuwe" komeet, wat volgens sterrekundiges moontlik Halley se komeet in helderheid kan oortref, is deur 'n 24-jarige student ontdek.

Komeet Wilson is vernoem na me. Christine Wilson,'n student in die Sterrekunde aan die Kaliforniese Instituut vir Tegnologie.

Me. Wilson het die komeet op die 5de Augustus ontdek met behulp van die 123 cm. Schmidt-teleskoop van die Mount Palomar Observatorium in die suide van Kalifornië.

"Ek was baie opgewonde daaroor", het me. Wilson gesê. "Dit was eintlik 'n gelukskoot dat ek die komeet gevind het. Die komeet is so helder dat dit eienaardig is dat niemand dit voorheen ontdek het nie."

Die direkteur van die Sentrale Buro vir Sterrekunde in die VSA, mnr. Brian Marsden, sê ses ander komete is reeds vanjaar ontdek, maar geeneen was besonder helder, of hoegenaamd sigbaar vir die menslike oog nie.

Komeet Wilson sal waarskynlik 'n "mooi, helder komeet" wees wanneer dit teen 30 April 1987 sowat 97 miljoen kilometer van die aarde verbyskiet.

Hy het gesê dit sal komeet Wilson tussen 'n paar eeue en 'n miljoen jaar neem om rondom die son te wentel.

## Natalse akademikus tuis vermoor

PIETERMARITZBURG. – 'n Bekende akademikus en kenner van antieke mynbou en argeologie, prof. Oliver Davies (81), is in sy huis in Scottsville vermoor.

Prof. Davies, emiritus van die Universiteit van Natal, Pietermaritzburg, was 'n navorser in die argeologiese afdeling van die Natalse Museum sedert 1968.

Nadat prof. Davies vir 'n paar dae nie by die museum opgedaag het nie, het van sy kollegas by sy huis gaan ondersoek instel. Die deur was gesluit en die polisie is ontbied om die deur oop te breek.

Prof. Davies se lyk is in 'n bloedplas op die vloer van sy geplunderde huis gevind.

Hy was 'n oud-student van Exeter College, Oxford, met 'n voortreflike akademiese rekord. Hy was onder meer dosent in argeologie aan die Universiteit van Istanbul, en professor aan die Universiteit van Ghana, Wes-Afrika.

## Latyn en Afrikaans wel vereis vir LLB en Balie-toelating

BLOEMFONTEIN. – Die Appèlhof het onlangs bevestig dat Afrikaans en Latyn, op tersiêre vlak, 'n vereiste is om tot die balie toegelaat te word.

Die Universiteit van Kaapstad het teen 'n besluit van die Kaapse Hooggeregshof geappelleer. Die Hooggeregshof het beslis dat die intensiewe kursusse in dié twee vakke aan die UK nie van 'n hoër standaard as Matriek is nie.

'n Aansoek dat die betrokke kursusse wel aan die toelatingsvereistes van die wet voldoen, is van die hand gewys.

## Rugbyslot van Pukke geskors ná 'ernstige' eksamenoortreding

POTCHEFSTROOM. – Die studie van 'n Wes-Transvaalse rugbyslot en student in sy derde jaar aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO is verlede week tydelik opgeskort. Hy het na bewering 'n eksamenreël oortree.

Mnr. Andre May van die koshuis Overde-Voor mag appelleer teen die besluit van die tugkomitee van die universiteit.

Die rektor van die Potchefstroomse Universiteit, prof. Tjaart van der Walt, het by navraag gesê drie studente is by die saak betrokke. "Dit gaan oor eksamen-oneerlikheid van so 'n ernstige aard dat die universiteit dit eenvoudig net nie kan duld nie. Omdat dit jongmense is wie se toekoms ons nie heeltemal wil belemmer nie, wil ons nie graag meer besonderhede bekend maak nie", het prof. Van Der Walt gesê.

Mnr. May, 'n BA-student, het na wat verneem word, reeds sy koshuiskamer ontruim.

## Ikeys kry geld vir nuwe koshuise

KAAPSTAD. – Die raad van die Universiteit van Kaapstad het met "groot dank" 'n donasie van R1,5 miljoen in ontvangs geneem.

Die geld is geskenk deur Shell Suid-Afrika ten einde eiendom vir residensiële gebruik aan te koop.

'n Woordvoerder van die universiteit het gesê die donasie stel hulle in staat om Sandringham Court,'n woonstelgebou wat teenaan die kampus geleë is, aan te koop.

# Luitenant ontken 'toenadering'

GRAHAMSTAD. – Verrassende bewerings het in die Grahamstadse Hooggeregshof aan die lig gekom waar sewe aangehoudenes gevra het dat hul aanhouding, ingevolge die noodmaatreëls, ongeldig verklaar moet word.

'n Jong polisieman, luit. Lloyd Edwards, het 'n vorige minnares, me. Anne Burroughs, ingevolge die veiligheidswetgewing in hegtenis geneem. Verder word beweer dat hy "seksuele toenadering" tot 'n ander aangehoudene, me. Karen-Leigh Thorne, in haar sel gesoek het.

Luit. Edwards het die aantygings teen hom ten sterkste ontken. Hy het gesê die vroulike aangehoudenes is "betrokke in 'n sameswering" om hom in 'n slegte lig te stel.

Die hof het me. Thorne, 'n kabaretdanseres, se aanhouding opgehef, maar die ses ander aangehoudenes se aansoeke van die hand gewys.

Regter Jones het gesê die arrestasie van me. Thorne was "uiters onredelik." Volgens hom het luit. Edwards net op me. Thorne se beweerde aktiwiteite as kulturele koördineerder van die ECC staat gemaak as rede vir haar arrestasie.

### Verhouding

Die ander aangehoudenes is me. Louise Vale, me. Anne Burroughs, 'n bibliotekaresse; me. Karen-Leigh Thorne, 'n kabaret danseres; me. Jean Burgess, 'n geskeide ma van drie; me. Melissa de Villiers, 'n Rhodes-student; mnr. Andre Roux, 'n dosent aan Rhodes universiteit en mnr. Timothy Bouwer, 'n onderwyser.

Me. Burroughs het gesê dat luit. Edwards ná die "onaangename" afloop van hul verhouding nie objektief oor haar inhegtenisname sou kon wees nie.

Luit. Edwards het na bewering in 1980 me. Burroughs se minnaar geword toe hulle albei studente aan Rhodes was. Me. Burroughs het tydens die verhoor gesê hul seksuele verhouding het geëindig omdat sy "al hoe meer by anti-apartheidsorganisasies betrokke geraak het".

Voor die verhoor begin het is twee van die aangehoudenes, Mnre. André Roux en Tim Bouwer, onder sekere voorwaardes vrygelaat.

Me. Vale is die vrou van prof. Peter Vale van die Universiteit van Grahamstad. Prof. Vale het enkele weke gelede 'n glas bier op luit. Edwards se kop omgekeer nadat hy luit. Edwards 'n "jerk" en 'n "sleazeball" genoem het.

Intussen het luit. Edwards se doen en late sterk onder die aandag van die studente gekom. Plakkate wat studente versoek om te "down a Lloyd – feel satisfied" verskyn orals op Rhodes se kampus.

# Oxford heiress died of drugs, beer

LONDON. – After the death of Ms Olivia Channon, brewery heiress and daughter of the British Trade Secretary, investigations at the University of Oxford led to the chargeing of six studentsfor posessing drugs.

After conducting a post-mortem on Ms Channon, doctors said she was killed by a deadly cocktail of drugs and alcohol.

Ms Channon was celebrating the end of exams at the University of Oxford on the night she died. During a court case investigating Ms Channon's death, friends said they saw her taking heroin and amphetamine.

Together with the drugs Ms Channon had "black velvet", a cocktail of Guinness beer, her family's product, and champagne. She had also allegedly drunk a pint of sherry.

Ms Channon died in the room of Count Gottfried von Bismarck, great-grandson of the famous German emperor, after passing out on a bed in his room.

Count von Bismarck apologized to the court for having little recollection of the night – he said he had drunk too much.

Ms Channon, who received pocket money of nearly R200 000,00 a year, left an estate worth about R2 500 000,00.

The wild-living of a group of wealthy Oxford students, of which Count von Bismarck is said to be the leader, has been exposed by Ms Channon's death.

# Vriendin aangekla van aanranding

JOHANNESBURG. – 'n Drinkparty, 'n "welbedeelde kêrel" en 'n koffiemoles het daartoe gelei dat twee vrouestudente van die Randse Afrikaanse Universiteit in die hof moes verskyn.

Ene me. Szabo is daarvan aangekla dat sy 'n kennis, me. Verster aangerand het.

Volgens getuienis was me. Szabo en me. Verster eers goeie vriendinne en kamermaats in die Amperdaar-koshuis op die kampus. Me. Verster het getuig dat me. Szabo begin het om haar te terg oor haarkonserwatiewe klere en lewensgewoontes. Dit het daartoe gelei dat hul vriendskap beëindig is.

Ná 'n partytjie in 'n private huis waar heelwat drank verbruik is, het me. Szabo "stories" oor haar vorige kêrel (wie se identiteit tot nou toe nog onbekend is) by ander studente op die kampus gehoor.

Volgens dié gerugte was die kêrel glo "welbedeeld" en vermoedelik 'n Indiër. Beide me. Szabo en me. Verster het die partytjie bygewoon. Me Szabo het me. Verster daarvan verdink dat sý die gerugte versprei het

Op 21 Mei vanjaar het me. Verster en drie vriende in die kampus-kafeteria gesit, toe me. Szabo binnegekom het om koffie te koop. Op pad na 'n tafel het sy verby me. Verster en haar vriende gestap, vasgesteek en die koffie in me. Verster se rug afgegooi.

Me. Verster is vir brandwonde in die J.G. Strijdom-hospitaal behandel.




Monkeys Monkeys Monkeys Monkeys Monkeys Monkeys Monkeys

**Disco — Woensdae — Donderdae**

GRATIS INGANG

ORKES — VRYDAE & SATERDAE **MAGNUM 4**

Ingang - MANS R2,50 — DAMES R1,00

**FRÜSCHOPPEN** —Elke Saterdagmiddag 12h00 tot 16h00.

GRATIS INGANG

SPUR
MONKEYS
BIRDSTRAAT
TRUSTBANKSENTRUM
DROSTDY SENTRUM

Monkeys Monkeys Monkeys Monkeys Monkeys Monkeys Monkeys

KP-STUDENTETAK

OPENBARE VERGADERING

DR. A. P. TREURNICHT

DINSDAG 30 SEPTEMBER

19h00

STADSAAL STELLENBOSCH

ALMAL WELKOM

(Geplaas deur E. Wessels, Wilgenhof, Stellenbosch)



Foto – EDRICHS

Modelle vertoon die Out of Africa-voorkoms by Maandagaand se mode- en revue vertoning in die H.B. Thom-teater.

# Mode- en revuevertoning stel erg teleur

Deur LIEBE VERSTER

"EK het hierdie show gehou om klere te verkoop, nie om mense se modevisies te prikkel nie", het me. Elsa Louw, bestuurderes van Avanté modewinkel, na afloop van 'n teleurstellende mode- en revuevertoning Maandagaand in die H.B. Thom-teater gesê.

Swak afronding, swak skakeling tussen modeparade en kabaret en swak waarde vir geld het 'n teleurgestelde gehoor die saal laat verlaat, ten spyte van die indrukwekkende klere en die spontane modelle wat dit vertoon het.

Goeie reklame en die groot ophef wat vooraf van die vertoning gemaak is, het gesorg vir 'n vol saal. Vir R10 het 'n mens egter meer verwag as 'n uurlange vertoning en 'n glasie wyn.

Die modelle, waarvan baie onervare en jonk was, het hul goed van hul taak gekwyt, veral wanneer in ag geneem word dat hulle slegs een keer, die dag voor die vertoning, gerepeteer het. Die feit dat enkele professionele modelle saam met hulle gebruik is, het veroorsaak dat die paar blapse wat daar was 'n mens erg opgeval het.

Volgens me. Louw kon hulle nie genoeg oefen nie, "omdat hulle nie plek gehad het nie". Die H.B. Thom was tot Saterdagaand volbespreek en Sondagaand het "die dominees hulle uitgejaag".

Dan was daar Casper, ons eie kabaretster. Sy grappies was effens flou en sy liedjies oorbekend. Miskien dink diegene wat hom nog nie ervaar het nie anders, maar van sy getroue ondersteuners was teleurgesteld. Kabaretsterre is nie noodwendig goeie seremoniemeesters nie en 'n "extravagant" modeparade komplimenteer nie kabaret nie. 'n Gehoor wat die een waardeer, waardeer nie noodwendig die ander nie – dit kon ek aflei uit die tante langs my se mondhoeke wat telkens, wanneer Casper sy verskyning gemaak het, afwaarts geneig het. Kabaret kan kruhede akkomodeer, maar by 'n modeparade klink dit plat.

In geheel gesien is dit jammer dat so 'n oorspronklike idee nie die ondersteuners bevredig het nie en kommentaar soos "is dit al?", "dit was geldmors","this was an embarrassment to watch" en "hoe teleurstellend" na afloop van die vertoning gehoor is. Hopelik is die aanbieders nie so daardeur van stryk af gebring dat daar nie nog sulke vertonings in die toekoms sal wees nie, maar dat hulle hul eerder in die toekoms sal toespits op beter afronding en waarde vir geld.

# matie munch

By HEATHER MOORE

## D'Ouwe Werf Coffee Garden

WHILE looking for a restaurant to review, I stumbled on a lovely inn by the name of D'Ouwe Werf.

D'Ouwe Werf has a quiet coffee garden which opens at 7.30 am for breakfast. This consists of fruit juice, cereals, stewed fruit, bacon and eggs, toast, and coffee or tea. This is a real bargain at R5,00 per person. Breakfast ends at 9 am. As you can eat inside or outside, the coffee garden would be a lovely place to have a champagne breakfast. D'Ouwe Werf is fully licenced.

The coffee garden is also open for lunch. The starters are soup of the day, smoked snoekpaté and egg mayonnaise. The light lunches are snoekpaté, a cheese board and Bismarch herring. Salads are also served as a light luncheon dish. Sandwiches with homemade bread are also served.

Larger servings for the really hungry consist of the Day's Special, Fish of the Day, Quiche Vegetarian as well as Bobotie and Rice. Afterwards, cakes such as Black Forest cake, apple tart, scones and cream, and various other cakes can be enjoyed.

The decor of pine, bamboo and plants is very relaxing. The prices are very reasonable and the service is good. This is the ideal place for a break from the rat race - why not give it a go?

## Bakoven

As the name suggests, this is a bakery and coffee shop. Here, anything from feather-light croussaints to chunky chelsea buns is served.

There are various other cakes, tarts, biscuits and bread to tempt the palate. All the above mentioned can be taken away.

Bakoven also serves lunches which include fish and chips with salad, pies and curry and rice. These are all served with coffee. Many of these dishes can be taken away.

Bakoven also bakes wedding cakes and other novelty cakes for special occasions.

So for a pleasant but fairly pricy change of routine try Bakoven.

## Portofino Ice-cream parlour

The Portofino is a must for ice-cream lovers and for those who have a sweet tooth. The Portofino serves two types of ice-cream, namely milk ice-cream and sorbet. These come in a wide variety of flavours which range from caramel fudge to plain vanilla in the milk range, while the sorbet selection ranges from hazelnut to coconut and strawberry. You can take away anything from a cone to a one-litre tub.

The Portofino also serves Sundaes which have the names of various countries and are made with various liqueurs.

Sandwiches which can be taken away, are offered, as well as mini pizza-pies. Various cakes, scones and home-made chocolates are also served.

Ice-cream cakes and other cakes can be ordered for special occasions.

The Portofino is ideal for those hot summer days.

# radio matie top 20



15-19 September

| | Verlede week | | |
|---|---|---|---|
| 1. | 1. | Chris de Burgh | Lady in Red |
| 2. | 2. | OMD | If you leave |
| 3. | 3. | Lionel Richie | Dancing on the ceiling |
| 4. | 5. | Genesis | Invisible touch |
| 5. | 11. | Suzanne Vega | Left of centre |
| 6. | 13. | Blow Monkeys | Digging your scene |
| 7. | — | Modern Talking | Brother Louie |
| 8. | 6. | Level 42 | Lessons in love |
| 9. | 12. | J.M. Jarre | Fourth Rendezvous |
| 10. | 8. | Mr Mister | Kyrie |
| 11. | 10. | Chris de Burgh | Fire on the water |
| 12. | — | Peter Gabriel | Sledgehammer |
| 13. | — | Art of noise | Paranoimia |
| 14. | — | P.J. Powers | All we need |
| 15. | 7. | Lionel Richie | Deep river woman |
| 16. | — | George Michael | Different corner |
| 17. | 14. | Dire Straits | Why worry |
| 18. | 15. | Chris Rea | On the beach |
| 19. | 17. | Peter Gabriel | Don't give up |
| 20. | 20. | ELO | Calling America |

OPPOSITE The Dros THE BRAAK
FOR THE BEST STEAK, PIZZA & PASTA IN TOWN
You are Always
WINNING
at THE DROS
Just drop in for a
SNACK, STEAK
PIZZA, PASTA or IRISH
OPEN until 2 am
10% discount with this voucher until 15th October 1986
NOT VALID DURING HAPPY AFTERNOON

KOM NA
Tillah
VIR VARS HOLLANDSE
PASTEIE, HAMBURGERS,
HOENDER-, SALAMI-,
& TUNA ROLLE
SOETGOED & KOEKKIES
TOEBROODJIES &
NOG BAIE MEER
VAN RYNEVELDSTRAAT 40, TEL. 4383



WASSERY (DIE WASBALIE)
VOLLE DIENS OF SELFBEDIENING
VERGELYK ONS PRYSE!!
WAS R1,20 DROOGMAAK 50c
* GRATIS PARKERING (oorkant Mastertreads)
BIRDSTRAAT 91 • TEL. 70326

M Musica We've got the hits
THE NEW ALBUM BY
PAUL SIMON
". . among the best and most ambitious albums of the year." (BILLBOARD)



"GRACELAND"
featuring
STIMELA and LADYSMITH BLACK MAMBAZO
includes the hit single:
'YOU CAN CALL ME AL'
15,99
Also available at only 15,99
MADONNA (TRUE BLUE), ALPHAVILLE (AFTERNOONS IN UTOPIA), ROD STEWART (ROD STEWART), BOB JAMES & DAVID SANBORN (DOUBLE VISION), STEVE WINWOOD (BACK IN THE HIGH LIFE).
AT ALL BRANCHES ON RECORD & CASSETTE
You'll find more at...
Musica
DROSTDY CENTRE, STELLENBOSCH
TEL. 72002

# ID-kaarte nodig by Bib

**Deur JOHANNES ROBERTS**

TOEGANGSBEHEER gaan op 'n proefbasis vanaf 22 September by die J.S. Gericke-biblioteek toegepas word en studente sal foto-identifikasiekaarte moet dra om toegang tot die biblioteek te verkry.

Dié besluit is deur die Universiteitsraad geneem.

Studente sal hul identifikasiekaarte by die ingang moet toon en sigbaar dra terwyl hulle die biblioteek gebruik. Verder sal besoekers met 'n besoekerskaart toegang tot die biblioteek moet verkry en 'n besoekersboek teken.

Kol. Ivan Bester, hoof van Kampusbeheer, het gesê die doel van die identifikasiekaart-stelsel is om die mees praktiese en aanvaarbare toegangsbeheerstelsel te skep.

### Weier

Hy het gesê dit moet in die lig van nuwer, professioneler sekuriteitsmaatreëls op die kampus gesien word. Toegangsbeheer sal nou vir die eerste maal in 'n werksituasie toegepas word.

"Ons sal die proeftydperk van twee weke eksperimenteel aanpak om die mees effektiewe en mins ontwrigtende stelsel uit te werk," het hy gesê. Daarna sal dit moontlik op die hele kampus van toepassing gemaak word.

### Eksperimenteel

Volgens kol. Bester sal toegang aan studente wat nie hulle studentekaarte toon nie,geweier word. Hy het gesê hulle sal in die begin "meer toegeeflik" optree, "maar algaande die beheer strenger toepas".

Volgens die direkteur van die J.S. Gericke-biblioteek, dr. J. H. Viljoen, sal toegangsbeheer met "deeglike beplanning bedryf word". Dit sal die inbring van eet- en drinkgoed in die biblioteek verhoed.

Mnr. Hans Oosthuizen, skakelbeampte van die Departement Ontwikkeling, het gesê dit is 'n "eksperimentele fase" waarin die praktiese moontlikhede van permanente toegangsbeheer vir die kampus ondersoek word.

Kol. Bester skryf die "uiters suksesvolle" program van Risikobestuur op kampus, aan 'n gesonde gees van samewerking en vertroue tussen die studente en Risikobestuur toe.

Studente het by navraag uiteenlopende menings oor die beoogde toegangsbeheer uitgespreek.

Mnr. Johan May, 'n derdejaar B Comm-student, het gesê toegangsbeheer is wel nodig, maar moet "oordeelkundig" toegepas word.

'n Derdejaar B Econ-student, mnr. Ian Erlank, meen dit is 'n "goeie idee wat lankal reeds toegepas moes gewees het".

Volgens me. Ilse Dreyer, 'n derdejaar B Admin-student, sal sy "vies" wees indien toegang aan haar geweier word omdat sy nie haar identifikasiekaart dra nie.

Me. Marilize Coetzee, 'n derdejaar BA-student, het gesê sy is nie "entoesiasties" daaroor nie en dink dit sal 'n vertraging by die biblioteek veroorsaak.



Studente wat die biblioteek wil besoek, moet vanaf 22 September hulle foto-identifikasiekaarte vertoon om toegang tot die biblioteek te verkry.

# Moordbendes 'wil opponente van Regering uitroei'

**Deur MICHELLE KRUGER**

MOORDBENDES wat opgelei is om die Regering se opponente dood te maak sodat dit na onoplosbare moorde lyk, bestaan tans in Suid-Afrika, het mnr. Andrew Nash, 'n dosent in die departement Politieke Filosofie op 'n SAAK-kongres oor militarisasie gesê.

Volgens mnr. Nash is die verklarings van die Regering oor die optredes van moordbendes nie 'n "betroubare bron" van inligting nie.

### Geweld

Hy het daarop gewys dat die voormalige hoof van die Buro van Staatsveiligheid, mnr. Hendrik van den Berg gesê het dat die Buro "die onmoontlike" kan doen en dat hulle "genoeg manne het om moord te pleeg."

Prof. Nico Smit, leraar van die NG Kerk in Afrika, het in sy toespraak gesê die optrede van vigilante is aanvanklik as "swart-opswart geweld" beskou, en witmense het dit as "swart barbarisme" geïnterpreteer.

Volgens prof. Smit is die halsnoermoorde van die jeugleiers op die vigilante die uitdrukking van " 'n verskriklike woede".

Prof. Smit, een van die ondertekenaars van die Kairosdokument, het gesê vergoeding speel 'n belangrike rol by die vigilantes en volgens Swartmense word dit deur die Veiligheidspolisie of "radikale regses" van buite die swart woongebiede verskaf.

### Illusie

Volgens hom poog die vigilantes om die Swart gemeenskap en "die orde wat die jeug-organisasies bewerkstellig het", te ontwrig.

Volgens hom word die blanke gemeenskap in onkunde gehou en hang dit van hulself af om dié onkunde te bowe te kom.

### ANC

Prof. Pieter le Roux van die departement Ontwikkeling aan die Universiteit van Wes-Kaapland, het in 'n historiese oorsig oor die ANC gesê die ANC "het tot aksie oorgegaan nadat die Regering geweier het om na hulle te luister".

Volgens Prof. Le Roux dink sommiges aan die ANC as 'n "verskriklike, onverteenwoordigende groep wat deur kommuniste beheer word", om hulself te paai.

# 'Magnaat' se wa in drif ná stout plakkers

**Deur ROSANNA STRAUSS**

DIE verspreiding van "Maties do it in the Ossewa"-plakkers is deur die universiteitsowerhede verbied.

'n Student wat nie sy naam genoem wil hê nie en homself as 'n "jong plakkermagnaat" beskryf, het die woord "Matie" sonder toestemming van die Universiteit op die plakker gebruik. Volgens hom wou hy daarmee geld insamel vir " 'n nuwe klankdigte ossewa met voldoende vering en 'n waterbed".

Dit volg nadat Die Matie in 'n ondersoek na studente se seksgewoontes berig het dat studente ná 'n sokkie omgang in die ossewa in die Neelsie gehad het.

Volgens mnr. Andries Esterhuyse, die adjunk-direkteur van die Departement van Ontwikkeling en Skakeling, sal daar opgetree word teen enige persoon wat inbreuk op die naam "Matie" maak. Dit is 'n geregistreerde handelsmerk.

Hy het gesê dit is 'n erenaam en "niemand mag daarvan misbruik maak nie".

"Dit kos niks om by die Departement Ontwikkeling en Skakeling aansoek te doen om die simbole van die Universiteit te gebruik nie. Alle aansoeke sal volgens meriete oorweeg word," het hy gesê. Volgens hom is die kleure en simbole van die universiteit reeds in 1938 geregistreer.

Die eienaar van 'n kafee, wat nie sy naam genoem wou hê nie, het gesê die plakkertjies het "soos soetkoek" verkoop. Volgens hom het hy ongeveer 100 plakkertjies teen R1 elk binne twee weke verkoop.

Volgens mnr. Esterhuyse kon die Universiteit met die drukkers en verspreiders van die plakkers tot 'n vergelyk kom en beskou hy die saak as afgehandel.

Die Matie het betroubaar verneem dat die Ossewa binnekort uit die Neelsie geneem gaan word. Dit sal voortaan in die Ou Bloemhofskool staan en sal as museumstuk dien.

# Regsstudent derde in debatstryd tussen kampusse

MNR. GEORGE VAN NIEKERK, 'n finalejaar student in die regte, het die derde plek behaal in die ATKV se jaarlikse nasionale redenaarskompetisie.

Sestien studente van verskillende Afrikaanse universiteite, kolleges en technikons het aan die kompetisie in Bloemfontein deelgeneem.

Vir sy voorbereide toespraak het mnr. Van Niekerk onderwerp "Studentepolitiek is van rigtinggewende belang" gekies. Volgens hom het die kompetisie net ná die SR-verkiesing plaasgevind en het hy "ten minste iets van dié onderwerp geweet".

'n Student van die Universiteit van die Oranje Vrystaat, mnr. Leatus Lategan, het die kompetisie gewen.

Mnr. van Niekerk het gesê hy was baie beïndruk met die standaard van die voorbereide toesprake.

Volgens hom sal volgende jaar se kompetisie waarskynlik op Stellenbosch gehou word.

# Studente se gedrag grief woonstelbase

**Deur CHRIS VAN DER MERWE**

STUDENTE se gedrag veroorsaak dat woonstelontwikkelaars huiwerig is om verblyf aan hulle te verskaf.

Dít blyk uit 'n ondersoek wat Die Matie gedoen het oor die houding van woonsteleienaars teenoor studente. In 'n vorige ondersoek het Die Matie bevind dat kroegbase nie met die algemene gedrag van studente fout kan vind nie.

By navraag blyk dit dat behuising steeds 'n probleem vir studente is. Die houding van die gemeenskap, buitensporige huurgeld en swak woongeriewe veroorsaak dat studente al moeilikergeskikte behuising vind.

### Samewerking

Volgens me. Anna Basson, eienaar van Anna Basson Eiendomme, kan studente "gerus hul samewerking gee om onsmaaklikhede met bure, eienaars en opsigters uit te skakel". Sy meen die houding van die gemeenskap sal "meer simpatiek" teenoor studente word "indien hulle begin saamwerk".

Volgens 'n werknemer van die agentskap Cluver en Markotter, hang dit van verhuurders af of hulle studente in woonstelle wil toelaat. "Die meeste klagtes is oor vandalisme en nagtelike geraas," het sy gesê. Sy wys daarop dat hulle wel sommige studente op "persoonlike meriete" in woonstelle toelaat.

### Ongerief

Volgens die eienares van die woonstelle Molenvliet en Eastland, waar baie studente tans woon, bring studente motors en motorfietse, sowel as hul vriende na die woonstelle. Hul geraas veroorsaak "groot ongerief vir die ander huurders". Sy verkies om verblyf aan teologiese studente te verskaf.

Mnr. A. Meyer van die Stellenzicht-agentskap het gesê dié agentskap verkoop woonstelle aan almal "sonder om teen studente te diskrimineer". Volgens hom hang dit van die eienaars van die deeltitelwoonstelle af of hulle studente gaan toelaat. "Ek het egter nog nooit enige klagtes ontvang nie," het hy gesê.

# Beamptes dra nou 'bosuniforms' op Tygerberg

DIE kampusbeheerbeamptes op die Universiteit se Tygerbergkampus dra tans bosuniforms.

Volgens Die Matie se Tygerbergredakteur, **André van Wyk**, veroorsaak die beamptes, wat die kampus in weermagstewels, olyfgroen oorpakke en knuppels patroleer, tans 'n beroering onder mediese studente.

In reaksie sê die hoof van Kampusbeheer, kol. Ivan Bester, die uniforms is deel van 'n program waar ou uniforms met "die jongste op die mark" vervang word. "Daar is geen sinistere bybedoelings nie," het hy gesê.

Volgens hom is die groen uniforms "meer geskik in die winter" en hou dit tred met die "jongste neigings in die sekuriteitsbedryf".

Volgens hom is daar reeds beamptes op Stellenbosch wat van dié uniforms dra.



DIE Debatsvereniging is die oudste vereniging op Stellenbosch. Op die foto is die nuwe bestuur, v.l.n.r. me. Lusandra Uys, mnre. Mark Behr, Henk du Toit, Adrian Louw (voorsitter), me. Helene Rossouw, mnr. Jacques du Toit, me. Wilna Liebenberg en mnr. Francois Louw.

# Miljoene bestee om kampus te herstel

**Deur MARGARETHA FOURIE**

VERANDERINGE en herstelwerk ter waarde van R 20 miljoen gaan binne die volgende paar jaar aan verskeie geboue op die kampus aangebring word.

Huis Visser, die J.S. Marais-gebou, die Carnegie-biblioteek, die Natuurwetenskappe- en die Chemie-geboue, Crozierhuis en die Kweekskool is by die projek betrokke..

Volgens die Universiteit se beplanningsingenieur, mnr. Willem Roos, sal veranderinge aan die Langenhoven Studentesentrum wat vir 1988 beplan word, R 1,8 miljoen beloop.

Bouwerk aan Huis Visser het reeds gedurende die Junie-vakansie begin. Sommige inwoners van die koshuis bly as gevolg van die herstelwerk tot die einde van die jaar in Huis MacDonald in Hamanshandweg.

Volgens die primarius van die koshuis, mnr. Herman Burger, is daar sedert 1949 geen grootskaalse herstelwerk aan Huis Visser gedoen nie.

Die koshuis sal ná die bouwerk uit 32 dubbel- en 48 enkel kamers bestaan. Dit sal twaalf minder studente as voorheen kan huisves.

Die inwoners is baie in hulle skik met die "nuwe" Huis Visser, maar kla oor die lawaai van die bouwerk. Bouwerk begin soggens om agtuur en duur tot vyf uur in die middag.

Crozierhuis se inwoners moes aan die begin van die jaar die koshuis verlaat omdat dié historiese gebou in kantore omskep gaan word. Volgens mnr. Roos gaan die agterkant, wat nie deel van die oorspronklike gebou was nie, later vanjaar tydens die herstelwerk gesloop word.

# Rektor stop ECC-pamflet

**Deur MARY-ANN SCHREUDER**

DIE Rektor, prof. Mike de Vries, het die verspreiding van 'n pamflet van die End Conscription Campaign verbied.

Die ECC het die pamflet in antwoord op verkiesingspamflette van die Populêre Studente Alliansie opgestel.

Prof. de Vries het gesê hy moes by die besluit van die Universiteitsraad, wat die ECC se bedrywighede op kampus vroeër vanjaar verbied het, hou.

### Uitdaging

Volgens die Rektor se assistent, mnr. Douglas Davis, het die Universiteitsraad, nadat hulle die saak verlede week bespreek het, die Rektor opdrag gegee om die PSA oor die verkiesingspamflette te "berispe".

In die verkiesingspamflette het die PSA 'n uitdaging aan die ECC en Nusas gerig om openlik standpunt in te neem oor onder meer mev. Winnie Mandela se uitlating dat die land deur "vuurhoutjies en halssnoere" bevry sal word.

### Antwoord

Volgens die voorsitter van die ECC, mnr. Christo Nel, probeer die ECC nie om hul pamflet vir propaganda te gebruik nie. "Dit is slegs 'n antwoord op die aantygings wat die PSA teen ons gemaak hét," het hy gesê.

In die pamflet veroordeel die ECC die PSA vir die manier waarop hulle sekere SR-kandidate "gedurende die afgelope verkiesing afgekraak het".

In die pamflet verwerp die ECC geweld "deur wie ook al", omdat dit "kontraproduktief en polariserend is, en veroorsaak dat 'n vreedsame oplossing vir Suid-Afrika steeds moeiliker word".

### Ontken

Volgens die ECC is die PSA se aanhaling van mev. Mandela foutief,aangesien sy ontken dat sy ooit die stelling gemaak het. Sy het haar ook later van die stelling gedistansieer.

In 'n persverklaring wat uitgereik is nadat die Rektor die verspreiding van die pamflet verbied het, sê die ECC die Administrasie doen die Regering se "vuil werk" deur "vrye en onafhanklike uitdrukking van opinie te belemmer".

### Partydig

"Die verbod op ons pamflet is maar net nog 'n voorbeeld van hulle partydigheid. Die PSA het ons in 'n reeks rassistiese, opportunistiese en sensasionele pamflette uitgedaag om ons standpunt te stel, en ons is nie 'n kans gegun om dit op die mees effektiewe wyse te doen nie," lui die verklaring.

Mnr. Nicolas Myburgh, voorsitter van die PSA, het die ECC van 'n "martelaarshouding" beskuldig.

# Monster in hof betwis

DIE Studentehof sal vandeesweek uitspraak lewer oor die aansoek dat die onlangse monstervergadering se besluite ongeldig verklaar word.

Mnr. Van Zyl Schreuder, 'n ingenieurstudent en bestuurslid van die KP-studentetak, het die aansoek by die studentehof ingedien.

### Ongeldig

Hoewel die SR die aansoek nie gaan teenstaan nie, moet die applikant steeds redes vir die aansoek aanvoer.

Volgens mnr. Phillip Verster, die vorige SR-voorsitter, beskou die SR die studentehof "as bekwaam genoeg om oor die aangeleentheid te besluit".

Indien die hof nie die monstervergadering in sy geheel ongeldig verklaar nie, kan dit die mosie oor die oopstelling van koshuise moontlik ongeldig verklaar.


Volgens mnr. Hendrik Kotze, die voorsitter van die studentehof, het mnr. Nickie Smit, die nuwe sekretaris van die SR, nog geen saak oor die geldigheid van die nuwe grondwet gemaak nie.

Volgens mnr. Smit is sy regsverteenwoordiger besig met voorbereiding vir die eksamen en kan hy nie meer die saak hanteer nie.

Mnr. Kotze het gesê indien die aansoek sou slaag, die grondwet self ongeldig verklaar sal word en nie net die prosedure waarvolgens dit aangeneem is nie.

# USAT, Beplanning haaks oor gebruik van teater

**Deur CORNIS VAN DER LUGT**



Die Ou Conservatorium se lang geskiedkundige verbintenis met die uitvoerende kunste gaan moontlik beïndig word deur 'n voorstel dat die studenteteater in kantore omskep moet word.

DIE idee dat die karaktervolle en atmosfeerryke Ou Conservatorium-teater deur 'n ontwerp- en tekenkantoor vervang word, is verregaande en ondenkbaar, het mnr. Daan Mostert, tesourier van die Universiteit van Stellenbosch Amateur Teater, gesê.

Mnr. Mostert het gereageer op voorstelle van die beplanningsingenieur van die Universiteit, mnr. Willem Roos, oor die moontlike verskuiwing van USAT en "alternatiewe benutting" van die teater wat in die Ou Conserwatorium in Van Riebeeckstraat geleë is.

Volgens mnr. Roos het die Beplanningsafdeling 'n behoefte aan meer ruimte en wil graag 'n ontwerp- en tekenkantoor in die teater inrig.

In sy brief het hy gesê USAT "veroorsaak steurnisse, slordige toestande en gereelde kragonderbrekings" in die gebou.

### Geskiedkundig

Mnr. Mostert het in antwoord hierop 'n brief aan die vise-Rektor (Bedryf), prof. Roux de Villiers, wat voorsitter van die Advieskomitee oor Akkomodasie is, gerig. Volgens hom het die Ou Konservatorium " 'n lang en geskiedkundige verbintenis met die uitvoerende kunste".

"Geen oud-student wat die gebou vereenselwig met aktiwiteite wat eie is aan Stellenbosch se unieke kulturele karakter, sal dit verwelkom as dié gebou vir enige ander doel as die uitlewing van die uitvoerende kunste aangewend word nie," het mnr. Mostert gesê.

Volgens mnr. Roos is hy "bewus van studente se gevoelens" en het hy daarmee simpatie. "Hier is egter twee onversoenbare aktiwiteite betrokke," het hy gesê.

Mnr. Roos het ook verwys na 'n rookbom wat tydens 'n onlangse opvoering die brandalarmstelsel van die gebou geaktiveer het."Hierop het USAT-lede 'n kantoor wederregtelik binnegegaan en die kragbron van die alarmstelsel, waarmee daar onder geen omstandighede gelol mag word nie, afgeskakel." Volgens mnr. Mostert was die betreding van die kantore "onvermydelik" omdat Kampusbeheer eers sowat twintig minute later die alarm kom afskakel het.

Oor die aantygings dat USAT lawaai in die gebou veroorsaak, het mnr. Mostert gesê USAT doen met "groot ongemak" sy bes om by die 'akademiese' werksure van Beplanning te hou. Volgens hom kan hulle egter nie vir "onafwendbare lawaai naure" verantwoordelik gehou word nie.

Mnr. Mostert het verwys na die "goeie samewerking" wat USAT in die verlede met mnr. Roos se kantoor gehad het. Volgens hom is dit 'n "onveranderlike" dat USAT die gebruik van die teater behou. Hy het daarop gewys dat die probleme wat tans ondervind word, "klein, praktiese probleme" is en deur samespreking opgelos kan word.

As alternatief stel mnr. Roos voor dat 'n woonhuis in De Beerstraat, wat pas deur Administrasie aangekoop is, vir USAT beskikbaar gestel word.

Hy meen dié gebou sal voldoende wees omdat USAT nie 'n verhoog benodig nie ",want baie van hul werk word in die vorm van eksperimentele teater aangebied".

In antwoord hierop het mnr. Mostert gesê dit is 'n "groteske oorvereenvoudiging" dat USAT slegs eksperimentele teater aanbied. "USAT benodig 'n konvensionele teater met sitplek vir 150 mense soos wat tans met die teater in die Ou Conservatorium die geval is. "USAT bied elke jaar 'n studente-dramafees aan waaraan meeste koshuise deelneem. 'n Minimum van twee vollengte-toneelstukke word ook jaarliks aangepak," het mnr. Mostert gesê. Hy meen " 'n afskeid tussen USAT en die Ou Konservatorium sal die einde van USAT beteken.




WEES JOU EIE BANKIER. ENIGE TYD.

Demp toe bankdeure jou geesdrif? Met 'n Bankmankaart kan jy nou 24 uur per dag, 7 dae per week, kitskontant by die Bankman outomatiese tellermasjien in Neelsie se deurloop kry.

Kry jou gerieflike Bankmankaart nou by die Bankmankantoor, Andringastraat 73, Stellenbosch, of skakel 7-1573.
**En wie moet jy bedank? Boland, Boland Bank.**

BOLAND BANK
Bankman
24 UUR BANK
BOLAND BANK BEPERK. GEREGISTREERDE ALGEMENE BANK.
YOUNG & RUBICAM-HEDLEY BYRNE 410302/02

# Ingenieurs bou nuwe remstelsel

DIE Instituut vir Elektronika, onder leiding van prof. Jan du Plessis het onlangs 'n elektroniese remstelsel, wat die huidige drukremstelsel in treine vervang, ontwikkel.

Ander lede van die navorsingspan is mnr. Herman Steyn en studente van die fakulteit.

Met die ou stelsel neem dit twee minute voor die remsein die agterste trokke bereik, maar met die nuwe elektroniese stelsel gebeur dit onmiddellik.



Prof. CHRISTO VILJOEN

Volgens die dekaan van die Ingenieursfakulteit, prof. Christo Viljoen, sal hierdie stelsel van volgende jaar op Suid-Afrikaanse treine toegepas word. Dit sal geleidelik die ou stelsel deur die hele land vervang.

Die toetstydperk van die nuwe stelsel is reeds verby en 'n privaatfirma in opdrag van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste vra reeds tenders vir die vervaardiging van een honderd eenhede. Wêreldpatente is reeds op die stelsel uitgeneem.



Prof. Pieter de Lange rektor van die Randse Afrikaanse Universiteit.

# Skoolverlaters "ongeletterd"

JOHANNESBURG. – Akademiesgerigte onderwys skep verwagtinge by kinders waaraan die Suid-Afrikaanse ekonomie nie kan voldoen nie, het prof. Pieter de Lange, rektor die Randse Afrikaanse Universiteit gesê.

"Daar is 'n tekort aan werksgeleenthede vir akademies opgeleide mense. Daarom bevorder die oorbeklemtoning van tersiêre en akademiesgerigte onderwys werkloosheid," het hy gesê.

Prof. De Lange het voor die Presidentsraad se Komitee vir Ekonomiese Aangeleenthede oor beroepsgerigte onderwys getuig.

Volgens prof. De Lange is die meeste kinders wat skool verlaat nog ekonomies "ongeletterd". "Die Suid-Afrikaanse ekoncmie kan dit nie bekostig nie."

Volgens hom moet die werksituasie en onderwys nouer skakel. Meeste onderwysers se vormingsteorie is akademies gegerond en dit sal 'n probleem veroorsaak wanneer oorgeskakel moet word na beroepsgerigte onderwys.


LEOTANA



DIE STAPWINKEL VIR STUDENTE
KARRIMOR
JAGUAR 8
BINNERAAMSAK 85 /
R170,50
BAIE BEPERKTE VOORRAAD
LOER IN BY: PLEINSTRAAT 21
Ure: Ma.—Vry. 9h00—17h00 (Bo-op Eikeboomslaghuis)
Di. gesluit na 13h30
Sat. 9h00—13h00
TEL. 3017


# Turfloop is 'afgesny'

SOVENGA. – Studente aan die Universiteit van die Noorde is na bewering van die buitewêreld "afgesny" as gevolg van die teenwoordigheid van 'n groot aantal Veiligheidsmagte op die Lebowa kampus.

Studente mag na bewering nie besoekers ontvang nie en mag ook nie telefoonoproepe maak of ontvang nie.

## Identiteitskaarte

Om te verseker dat net bona fidestudente die kampus betree, is pienk identiteitskaarte aan die studente uitgereik wat hulle op navraag moet kan toon. Hierdie kaarte bevat die student se naam, registrasie- en kamernommer.

Hierdie kaarte wat na bewering die embleme van die Suid-Afrikaanse Polisie, die Lebowa Polisie en die Suid-Afrikaanse Weermag bevat, is onderteken deur 'n ene "Lombard" van die Verre-Noord Veiligheidsmagte.

'n Student, me. Virginia Sanga, is in die Pietersburg Hospitaal opgeneem nadat sy verlede week na bewering deur 'n polisiehond gebyt is. Sy beweer dat sy vir meer as drie ure alleen gelos is terwyl sy ernstig gebloei het, voordat sy na die hospitaal geneem is.

Volgens 'n woordvoerder van die universiteit, het die Veiligheidsmagte instruksies gegee dat alle navrae aan die universiteit by die Buro van Inligting in Pretoria gedoen moet word.

'n Woordvoerder van die Buro van Inligting het gesê die enigste rede waarom Veiligheidsmagte die kampus beset, is om te verseker dat "gematigde" studente kan klasloop sonder om geïntimideer te word deur die meer "radikale elemente".

Hierdie woordvoerder het ontken dat daar enige "insidente" op die kampus plaasvind.

Die Matie het 'n koshuis op die kampus van die Universiteit van die Noorde geskakel om kommentaar van studente te bekom. Die persoon wat die telefoon geantwoord het, het gesê hy is 'n lid van die Lebowa Polisie en dat "studente geen telefoonoproepe mag ontvang nie".

# Universiteite disinvesteer

AMERIKAANSE universiteite onttrek al meer hul steun aan maatskappye wat belange in Suid-Afrika het.

Verlede maand het die Universiteit van Kalifornië ingestem om 3,1 biljoen dollar se aandele in maatskappye wat met Suid-Afrika handel dryf, te verkoop. 'n Verdere 7,8 biljoen dollar se "etiese disinvestering" word in die vooruitsig gestel.

Hierdie maatskappye is meestal in die petroleumbedryf, en dierekenaar- en motorbesigheid.

Slegs 250 Amerikaanse maatskappye doen na bewering direkte besigheid in Suid-Afrika, maar baie meer het verbintenisse met Suid-Afrika.

Volgens die tydskrif US News and World Report sal die onttrekking van kapitaal deur hierdie maatskappye 'n negatiewe effek op die Suid-Afrikaanse ekonomie hê, maar nie juis op die Amerikaanse ekonomie nie.

Die maatskappye se gesamentlike jaarlikse inkomste uit Suid-Afrika beloop na bewering slegs sowat 1,3 biljoen dollar.

Volgens 'n dosent in die staatsleer van Harvard Universiteit, dr. A.Campbell, lyk dit asof Amerikaanse maatskappye etiese besware voorhou as rede vir hul onttrekking van kapitaal, terwyl die verswakte Suid-Afrikaanse ekonomie die eintlike rede daarvoor is.

Dr. Campbell, skrywer van die boek "Soviet Policy towards Southern Africa" het Stellenbosch onlangs besoek en studente in staatsleer toegespreek.


Fotofast Fotofast Fotofast 1 UUR FOTO
TREFFERS!!
Fotofast STEL BEKEND WAARDE VIR GELD IN ONTWIKKELING EN AFDRUKKE

GRATIS ALBUM & VERVANGINGSFILM MET ELKE FILM INGEHANDIG VIR ONTWIKKELING EN AFDRUKKE

U BETAAL NIKS EXTRA VIR AFDRUKKE 37% GROTER AS GEWONE AFDRUKKE

20% AFSLAG OP KLEURFILMS
· KONICA
· KODAK
· SAKURA

PLUS

R2,00 AFSLAG OP ELKE KLEURFILM INGEHANDIG VIR ONTWIKKELING EN AFDRUKKE as U hierdie advertensie inhandig

OF

GRATIS VERGROTINGS MET ELKE KLEURFILM INGEHANDIG VIR ONTWIKKELING EN AFDRUKKE

OF

GRATIS 4 AFDRUKKE MET ELKE KLEURFILM INGEHANDIG VIR ONTWIKKELING EN AFDRUKKE

OPSKUD! AANBOD VIR BEPERKTE TYDPERK!
Fotofast DIE FOTOSPESIALISTE




TRUSTBANKSENTRUM · STELLENBOSCH
TEL. 02231-3435
KONICA KLEURFILM - DIE VOLMAAKTE BEELD

## Topgraadse Studente vir opleiding as

# GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS

Ons is COOPERS & LYBRAND — ons is internasionaal en bied opwindende geleenthede aan kwekelinge.

Ons sal u uitdagende werk in 'n uiters aangename werkomgewing aanbied en u bekend stel aan ons moderne ouditeringstegnieke wat u sal toerus om allerlei soorte probleme aan te pak. Ook vir u loopbaanontwikkeling op ander gebiede sal goed gesorg word aangesien ons ruim geleenthede bied om vordering te maak.

Bring ons u geesdrif en ons bied u die aantreklike salaris en loopbaanvooruitsigte wat u toekom.

**As u meer te wete wil kom skakel asb. die Personeelbeampte by Kaapstad 21 1800 of skryf vertroulik na Posbus 1913, Kaapstad 8000**

# 'N TOEKOMS OM OP TE REKEN!



By Sanlam het ons 'n gevestigde kern topgehalte beroepslui; mense wat dit geniet om in hul onderskeie werkrigtings aan hul innovatiewe denke uiting te gee. Ook ú kan een van hulle word, want ons soek juis nou na talentvolle gegradueerdes vir die volgende poste:

### 1. REKENAARPROGRAMMEURS:

Ondervinding het geleer dat suksesvolle kandidate vir hierdie spesialisrigting meesal diegene is met 'n kursus in rekenaarwetenskap of met natuurlike aanleg vir wiskunde, statistiek of rekeningkunde.

### 2. BESTUURSKWEKELINGE:

Vir mense wat daarvan hou om met mense te werk, bied ons nou die geleentheid om in die werksituasie opgelei te word as bestuurders van môre en oormôre. 'n Handelskwalifikasie behoort as ideale voorbereiding vir hierdie rigting te dien.

Besoek ons by ons hoofkantoor, of skryf aan:

Die Personeelbestuurder, Sanlam, Posbus 1, Sanlamhof, 7532 of skakel Kobus van Heerden (021-9472625) of Francois Marais (021-9472635) sodat ons vir u kan sê presies wat ons in gedagte het.

**Sanlam**
**Waar u toekoms tel**

PV WERWING 1180

# Noodsaaklike doelstellings vir suksesvolle onderhoud







DIE voornemende werknemer moet drie doelstellings vir homself voorhou om 'n onderhoud suksesvol te laat verloop.

Dit is om kontak met die onderhoudvoerder te bewerkstellig, te identifiseer presies wat van jou verwag word ten opsigte van jou voornemende werk en om te kan verduidelik hoe jy 'n bydrae kan maak.

Bestuurskonsultante beweer dat die meeste besluite om iemand in 'n pos aan te stel binne die eerste 30 sekondes van die onderhoud gemaak word.

### Eerste indrukke

Eerste indrukke is dus baie belangrik, want die onderhoudvoerder het 'n onmiddellike en onwillekeurige reaksie ten opsigte van jou voorkoms, hoe jy klink en hoe jy jouself aanbied.

As die onderhoudvoerder van jou "hou", sal die onderhoud tien teen een goed verloop en sal jy maklik jou vorige ondervinding en toekomstige aspirasies kan oordra.

Sou die onderhoudvoerder nie van jou hou nie, sal jy dit moontlik aanvoel. Dit is baie belangrik om hier jou kwalifikasies en vermoëns so goed moontlik aan te bied en oor te dra. Al sou die betrokke onderhouvoerder jou nie aanstel nie, bestaan daar nog die moontlikheid dat hy jou op grond van vermoëns sal verwys.

### Identifiseer

Dit is ook belangrik om te identifiseer presies wat dit is wat jou voornemende werkgewer soek.

Mens het dikwels 'n geïdealiseerde idee van wat in 'n pos benodig word, terwyl 'n werkgewer gewoonlik iemand soek wat goeie teorie prakties goed kan toepas.

Laastens is dit nodig om, na jy seker is van wat van jou verwag word, 'n verduideliking te kan gee van wat jy kan doen en wat jou bydrae tot die pos en organisasie as geheel kan wees.


Dit is noodsaaklik om goed te lyk en oorredend en intelligent te praat om 'n aangename en blywende indruk op jou onderhoudvoerder te maak.


## ONS KAN JOU VORDERING VANAF 'N B. REK. HONS. TOT 'N GEOKTROOIEERDE REKENMEESTER . . . EN VERDER BESPOEDIG

Tot op die vlak waar jy nie bloot 'n rekenmeester is nie, maar ook 'n bestuursgerigte persoon wat probleme sonder moeite oplos.

As multi-dissiplinêre opleiding en ondervinding met 'n breë spektrum van kliënte (insluitende groot genoteerde maatskappye) met 'n internasionale firma hoog op jou prioriteitslys is, en jy vinnige vordering net so hoog aanslaan, dan wil ons graag met jou gesels.

Sit nou die bal aan die rol. Skakel ons by een van die volgende kantore:



**ARTHUR ANDERSEN & KIE**

JOHANNESBURG: Clara Scheffer (011) 331-4831
KAAPSTAD: David Friedland (021) 21-2350
DURBAN: Hilton Greenbaum (031) 31-5442

# Oor guru's en rassiste

**Reaksionêre optrede is steeds kennelik van die PSA, skryf PHILLIP VERSTER.**

DAAR kan ongetwyfeld geredeneer word dat die politieke oningeligtheid van die gemiddelde student op ons kampus ook toe te skryf is aan die benadering van sommige organisasies wat oop gesprek doelbewus wil kelder.

Wat 'n mens egter bekommer is dat hierdie organisasies beslis baie te baat het indien hulle oop gesprek kan afskiet. Sodoende kan hulle kapitaliseer op die oningeligte populêre steun, sodat verdagte alliansies met ander konserwatiewe groeperings op ander kampusse gesluit kan word.

Studentepolitiek impliseer egter *juis* 'n ondersoekende benadering en alomteenwoordige kritiese denke, wat belangrike sake analities moet beskou – hetsy hierdie sake landspolitiek of die bedryf van "studentebelange" sou wees.

Volgens my eie definisie beteken oop gesprek ondermeer:
● Om die reg van elke groepering te erken om sy standpunt te stel en te verdedig. ● Om jouself te weerhou van beledigende retoriek wat gebruik word om ander instansies, (studente?), eerder as hul metodes te probeer diskrediteer. ● Om werklikwaar oop te wees vir oortuiging. ● Sowel as om strukturele ruimte vir bogenoemde drie beginsels te beding en daar te stel, ongeag jou eie oortuigings as studenteleier.

Studente wat wel hierdie oop gesprek respekteer, moes aan die einde van verlede jaar met ontnugtering kennis neem van 'n mislukte reaksionêre kaping by die Nusas stigtingsvergadering. Die behoudendes het wanhopig heen en weer geskarrel om 'n sogenaamde "irrelevante" Nusastak die reg tot organisasie en bestaan op die kampus te ontneem. Hierdie reaksionêre optrede is steeds kennelik van die PSA.

Tydens die SR-sirkusse vanjaar het hierdie behoudendes dan ook hulle veldtog teen die politieke inisiatiewe waarby ek betrokke was, voortgesit. In die lig van die Versterverslag was hierdie optrede onregverdig en blatant naïef. Die verslag (wat oorweldigend deur die SP aanvaar is) het onder meer bepaal dat Stellenbosch onvoorwaardelik in gesprek sal tree met *enige* organisasie. Van hier kom die studenteleiers se mandaat om gesprek met die ANC voor te staan.

Die Forum van Studenteorganisasies, wat vanjaar op Stellenbosch aangebied is, is ook in die verslag aanbeveel. Dié Forum het gesorg dat sogenaamde "radikale" swart groepe vir die eerste keer in die geskiedenis op 'n Afrikaanse kampus aan gesprek deelgeneem het. Die genooide behoudendes se afwesigheid by hierdie Forum verduidelik dalk sommige uitlatings en naamskend-pamflette van die afgelope semester.



Phillip Verster . . . studente moet oop wees vir oortuiging

My bekommernis oor die verkragting van oop gesprek, strek verder tot 'n aanhaling in Die Burger ('n Kaapse dagblad wat alle behoudendes ondersteun) waar die nuwe SR sterk ten gunste van "oop gesprek" is. Dít terwyl die meerderheid SR-lede die verbanning van die ECC op die kampus goedgepraat. Hierdie dubbele standaarde en skynbare onsekerheid oor presies waarvoor hulle staan, herinner my aan die PSA guru, Nic Myburgh, wat ten tyde van sy sy omstrede bedanking uit die SR gesê het dat "almal teen veelrassige koshuise rasiste is". Dieselfde Myburgh het egter op die pasafgelope monstervergadering *nie* ten gunste van oop koshuise gestem nie. Sulke leiers moet nooit na ander mense se politieke inisiatiewe as "ad-hoc en oningelig" verwys, voordat hulle nie *hulle* verantwoordelikheid en ingeligtheid bewys het nie.

Die laaste strofe van my definisie rondom oop gesprek lyk na die mees waarskynlike om in die volgende jaar te sneuwel. Die behoudendes se gewilligheid om kanale te skep vir oop gesprek skiet ver te kort as ingedagte gehou word dat:
● Aanhitsers op die monstervergaderings sprekers van ander oortuigings laat uitjou en doodskreeu het;
● Hierdie studenteleiers ook vir Nusas op die kampus wil verbied, siende dat hulle 'n negatiewe beeld skep;
● 'n Stywe-nek en geen-kompromiebeleid deur die SR ten opsigte van swart groepe gevolg gaan word – aldus die Kaapse dagblad waarna reeds verwys is.

Die gemiddelde student self is die skuldigste vennoot in die keldering van die oop gesprek. Die student laat hom/haar manipuleer deur pamflette en verkiesingsplakkate waarop name geëttiketeer is deur vandale. 'n Besliste tekort aan kritiese politieke belangstelling by die studente is verantwoordelik vir die reusetotaal graduandi wat jaarliks hierdie universiteit polities naïef verlaat. Elke student moet vir eens besef dat die realiteit van Suid-Afrika nie deur pamflet-veldtogte verduidelik word nie, nog minder deur die Kaapse dagblad weerspieël word, en beslis nie deur die onbetrokkenheid beredeneer word nie.

Ondersteun alle politieke aanbiedings, hetsy Nusas of NP, en vorm 'n baie duidelike eie opinie wat altyd oop is vir oortuiging. Doen dit voordat jy agterkom jy is irrelevant vir die toekoms van hierdie land.

# PSA-pamflette wens probleme weg

**As jy teen geweld gekant is, moet jy die oorsake daarvan bestry, sê ANDRIES DU TOIT.**

SOOS iemand op 'n onlangse SR-sirkus gesê het ná die soveelste kandidaat in onberispelike terme geweld verwerp het: "Ons het nogal 'n non-violent SR dié jaar". (Dink net hoe gelukkig ons is: Sê nou net 'n klomp moordenaars het die kantoor daar bó die Neelsie-loopgang beheer. . .)

Dit is opmerklik tot watter mate geweld 'n onderwerp van bespreking geword het. Mens wil amper wonder waar al die geweld in Suid-Afrika vandaan kom: Almal is dan so mooi daartéén. Tot die PSA, 'n organisasie wat vierkantig agter die Regering se geweldadige teenwoordigheid in die townships is, het onlangs 'n pamfletjie versprei waarin hulle geweld verwerp het en op tipiese insinuerende wyse vir NUSAS en ECC uitgenooi het om hulle standpunt te stel.

Oor die motiewe van mense wat só 'n uitnodiging maak, terwyl hulle wéét die Universiteitsraad het die ECC van die kampus verbied, kan mens net wonder. Des te meer omdat dit nie nodig is om so 'n uitnodiging te maak nie. Die ECC se standpunt oor geweld is herhaalde kere duidelik gemaak: Die ECC is teen geweld, van watter aard ook al, en beskou dit as 'n verwerplike en kontraproduktiewe wyse om konflik te besleg.

Om die waarheid te sê is die ECC juis in die lewe geroep om te help om 'n vreedsame oplossing vir Suid-Afrika se probleme te vind. Hierdie feit is al meermale duidelik gemaak. Ook in 'n openbare debat tussen die ECC-lede en lede van die PSA vroeër vanjaar op 'n SAAK-vergadering. Kan dit wees dat die PSA vergeet het, of wil hulle dit maar net weer hoor? Dit lyk nie asof die PSA se pamflet 'n eerlike poging is om in dialoog te tree, en standpunte uit te ruil nie.

Veel eerder is dit 'n voorbeeld van die soort opportunistiese en siniese politiek wat vrede en versoening in ons land ondermyn. Dit was 'n poging om aandag af te trek van dit wat werklik saak maak. Dit was 'n poging om te maak of die werklike probleme van ons land nie bestaan nie, en om die bestaande onderdrukking te regverdig deur die ANC voor te stel as 'n organisasie wat geweld ongekwalifiseerd voorstaan.

Klink dit te sinies? Moet ons hulle nie die voordeel van die twyfel gee nie? Miskien glo hulle self wat hulle sê. . . Ek dink nie so nie. Wie ook al die pamflet opgestel het, (of dit nou die PSA of 'n ander NSF-affiliaat was) was nie besig om op 'n eerlike wyse studente in te lig oor hulle land nie. Uit 'n bestudering van die ANC se beleid blyk dit duidelik dat die pamflette gewoon disinformasie bevat. Om maar net op een ding te wys: Die ANC-leierskap het al by geleentheid van die gruwelike "halssnoer"-moorde gedistansieer (Weekly Mail 5 September 1986) en uit die verslag van die Emminent Persons Group (EPG) blyk dit dat Winnie Mandela waarskynlik nooit die "necklace"-stelling gemaak het nie. Dinge is nie so eenvoudig soos die PSA dit voorstel nie.

Dit is goed en wel om jouself teen geweld uit te spreek vanuit jou sitkamerstoel. Maar as jy dit ernstig bedoel, moet jy iets daaromtrent *doen;* jy moet *optree* teen geweld, en die enigste manier om dit te doen is om die oorsake van geweld te verwyder.

Geweld – en daar is baie daarvan in ons land – is nie die resultaat van die aktiwiteite van 'n paar kommie-gesinde booswigte nie. Dit vloei direk uit die feit dat verreweg die meeste van ons medeburgers seggenskap oor hulle eie lewens ontsê word. Solank as wat mense geen politieke regte het nie, sal hulle in opstand kom teen die wette wat hulle onderdruk. Eers vreedsaam, soos die ANC dit vir vyftig jaar gedoen het, en dan – as hulle net geweld van die owerheid kry as antwoord op hul petisies en beroepe – sal hulle ten einde laaste self óók tot geweld oorgaan.

Dit is in hierdie situasie wat die ECC ontstaan het. Die ECC glo dat geweld nie bestry word deur nóg gewere, nóg soldate en nóg tenks die townships in te stuur nie. Slegs as die onregverdigheid uit ons land verdwyn sal daar vrede wees. En dit is om hierdie regverdige vrede te bou waarvoor die ECC hom op elke moontlike vreedsame en wettige manier beywer.

# Hondjies moet nie tjank nie



Mnr. NICHOLAS MYBURGH

**Die stryd in Suid-Afrika gaan lankal nie meer oor apartheid nie, skryf NICHOLAS MYBURGH.**

TOE bekommerde hervormingsgesinde Maties die Populêre Studente Alliansie(PSA) in September 1985 gestig het, het ons min of meer geweet wat om te verwag. En ek moet sê, ons intuïsie was nogal raak.

Dié verdagmakery, skinderstories en beskuldigings en verwyte het soos klokslag begin. Die verhoogde frekwensie van linkse histerie oor ons doen en late is dan ook 'n duidelike indikasie dat ons besig is om te slaag!

Verster en kie stoomroller op bedenklike wyse 'n nuwe grondwet vir die Studente-unie deur, wat wye politieke magte aan die SR gee. Dít alles met die hoop dat sy politieke vriendjies op sy katastrofiese termyn sal kan voortbou. 'n Termyn terloops, wat gekenmerk is deur politieke uitsprake so ongelooflik naïef, soms ongefundeerd en altyd onakademies, dat dit uitgedraai het as niks anders as 'n futiele oefening in kits politieke selfmoord en kampuspolarisasie nie.

Tweedens, Die Matie publiseer net voor die verkiesing 'n voorbladberig waarin kandidate uitdruklik (maar onakkuraat) in twee politieke kampe gegooi word. En waaragtig, toe ons uiteindelik tot die stryd toetree, toe word *ons* daarvan beskuldig dat ons die SR-verkiesing verpolitiseer het.

Twee pamflette (met SR-stempels) word wettiglik deur die PSA versprei. Twee word per abuis deur 'n paar oorywerige lede versprei wat nou nie juis tegniese verkiesingsregulasies hul vryetydse leesstof gemaak het nie. Ek sien in die dagpers ons word met 'n reuse boete (sonder presedent) gestraf.

Die PFP Young Regressives deel 'n onwettige pamflet uit op 'n sirkus, en eers daarna kry hulle toestemming. Ek lê 'n klag by ons uiters onpartydige stembuskonvenor maar ek glo nie daardie "tugkomitee"(klugkomitee?) sal ooit daaroor besin nie. Maar was hulle tog nie te gretig om ons by te kom nie!

Dit verbaas my hoedat mense wat hoog opgee oor hul ingeligtheid gereageer het op die "necklace"-pamflet. Selfs Bertram Fisher beskuldig ons dat ons 'n "tragiese situasie in die gemeenskap uitbuit vir politieke gewin".

Maar Bertie die tragiese realiteit is juis die uitsprake en oogmerke van Winnie Mandela en haar kammerade. Is dit nie ons plig om die gemeenskap in te lig oor hierdie realiteite nie, of wat het dan geword van die mense se reg om te weet?

Wanneer Tambo, die Mandelas, Boesak of Tutu in minder waaksame oomblikke hul ware kleure wys en dit word gerapporteer, dan is dit onmiddelik 'n smeer. Wanneer 'n driejarige dogtertjie in 'n winkelsentrum oor die Kersseisoen opgeblaas word, is dit nog altyd 'n smeer of word dit dan 'n tragiese realiteit?

Nee wat, ons moet nie mekaar probeer bluf nie. Dit maak lankal nie meer indruk om alles wat buite 'n bepaalde politieke verwysingsraamwerk val, af te maak as smeerstories nie.

Kyk mens na die brieweblad van die vorige uitgawe van Die Matie, is een ding opvallend die stroom swak ingekleurde ad hominem-argumente as produk van die byna kinderagtige frusrasies van die Left. Dit lyk vir my Ben Schoeman en andere staan ongelowig teenoor die oorlogskrete van hul heldin. Ek nooi graag vir Ben en al sy geestesvriende om na 'n video-opname van Winnie Mandela se Munsieville-optrede te kom kyk. Die PSA kan dalk 'n openbare vertoning reël!

Ben se verwysing na "regse kandidate" is 'n deursigtige poging om voort te bou op die Left se veldtog om die PSA en alles waarvoor ons staan as "regs" te ettiketeer. Hierdie veldtog herinner sterk aan die ergste verskynsels van "McCarthyism" en moet as sulks vir die inherente oppervlakkigheid daarvan verwerp word.

Ben beweer ons is onkundig oor Nusas en die ECC. 'n Voormalige senior ampsdraer van Nusas het by geleentheid gesê: "There are two sides to Nusas – a public and a private side. . ." Miskien is dit maar net 'n geval van Ben wat meer weet van die publieke sy van Nusas en ek wat 'n bietjie beter ingelig is oor hulle private sy.

George van Niekerk se skrywe was nogal 'n openbaring. As voorste skoothondjie van Hennie (PSO) Bester, sou ek 'n meer pseudo-intellektuele dramatisering van gebeure verwag het! Sy poging bly egter uiters arrogant. Hy praat van "die ideaal van beskaafde debatvoering" terwyl hy met 'n "grin" op sy gesig in die openbaar staan en lieg. Hy weet waarna ek verwys.

Ons kan op Stellenbosch 'n begin maak om weg te beweeg van simplistiese politiekery.

Ons moet wakker skrik. Die stryd gaan lankal nie meer oor apartheid nie. Die meerderheidsleiers van alle groepe in die land gaan akkoord met die afskaffing van apartheismaatreëls, en is dit verder eens dat ons nou vinniger en doelgerig moet werk aan 'n meer aanvaarbare Suid-Afrika vir al ons inwoners.

Die stryd oor die toekoms is 'n ideologiese een met globale dimensies. Daarom is die sleutelvraag wat elke denkende mens moet stel: "Wat kom in die plek van 'n apartheid-Suid-Afrika?"

Ons keuse oor apartheid is reeds uitgeoefen. Ons keuse oor 'n nuwe Suid-Afrika lê egter vir baie mense nog onaangeraak. Sal dit 'n ope demokrasie met universele stemreg en 'n vryemarkekonomie as basis wees? Of sal ons gaan vir 'n eenparty Marxistiese diktatuur met al sy sosialistiese ellende en verarming?

Die PSA is bereid en gretig om hierdie debat in almal se belang op die kampus te voer. Ons nooi die Sosialiste en Marxiste uit om te debatteer oor die punt. Maar dan moet die skoothondjies nie tjank as die Rotweilers wil blaf nie.

**IN 1977 het prof. John Dugard geskryf dat 'n handves van menseregte eers gewild sal word as die blanke bevolking huiwerig is om die apartheid-regstelsel as 'n politieke minderheid te beskou. "Maar teen daardie tyd mag die nuwe meerderheid, gekweek deur die apartheid-regstelsel, só 'n sisteem ongeskik vind", het hy in sy boek, Human Rights and the South African Legal Order, geskryf. JOHAN TROSKIE het meer hieroor gaan uitvind.**



Illustrasie: JOANNE HARVEY

# Menseregte: Is dit 'n geval van nou of nooit?

DIE konsep van 'n handves van menseregte het eers aan die begin van 1986 indringende aandag begin geniet. By monde van die minister van Justisie, mnr. Kobie Coetzee, het die Regering slegs 'n jaar gelede die idee van 'n handves van menseregte verwerp. Maar in April vanjaar het mnr. Coetzee opdrag aan die Regskommissie gegee om die hele kwessie te ondersoek, en aanbevelings aan die Regering te doen.

Kort na die gebeurtenis het die minister van Grondwetlike Ontwikkeling en Beplanning, mnr. Chris Heunis, gesê dat só 'n handves deel kan vorm van onderhandelinge oor magsdeling, en dat dit gebruik kan word om minderheidsregte te beskerm.

Voordat gekyk word of die Regering se opdrag aan die Regskommissie 'n opregte poging is, is dit nodig om eers die agtergrond van die Suid-Afrikaanse Grondwetlike geskiedenis kortliks te skets.

Die Suid-Afrikaanse Grondwet (sonder 'n verskansde handves van menseregte) is gebaseer op die beginsel van parlementêre soewereiniteit. Dit beteken dat geen wet van die parlement deur die Hooggeregshof getoets kan word nie.

Suid-Afrika is deur die wêreld uitgesonder vir dieminagting van sommige basiese menseregte van sekere bevolkingsgroepe. Die beleid van apartheid of rasse segregasie – met sy beperkings op die vryheid van beweging, assosiasie en spraak – druis volgens dié kritici in teen die mees basiese beginsels van menseregte.

"In die lig hiervan verteenwoordig 'n menseregtehandves 'n beheermeganisme oor die onbeperkte uitoefening van politieke mag deur die parlement", verduidelik die regsdosent, Dr. Hugh Corder. "'n Handves van menseregte is nodig om die basiese regte van die individu te beskerm, nou en in die toekoms", het hy gesê.

By 'n simposium oor menseregte, wat in Mei vanjaar by die Universiteit van Pretoria gehou is, het dit geblyk dat uiteenlopende standpunte oor dié konsep gehuldig word.

Prof. Johann van der Westhuizen, hoof van die departement Regsfilosofie aan die Universiteit van Pretoria en hoofsameroeper van die simposium, is van mening dat daar sterk steun vir die idee van beskerming van menseregte is, ten spyte van die groot meningsverskil wat daaroor heers.

Hy het dit egter duidelik gestel dat "'n handves van menseregte die vertroue van die meerderheid van die bevolking moet geniet. Verder meen prof. Van der Westhuizen dat dit moeilik voorstelbaar is dat 'n geloofwaardige handves van menseregte saam met verskeie wette wat op rassediskriminasie berus, soos die Groepsgebiedewet, kan bestaan.

Hy het gesê dat 'n geloofwaardige handves moeilik kan geld saam met wetgewing wat onbeheerde magte aan byvoorbeeld die Polisie verleen.

"Die konflik tussen kapitalisme en sosialisme sal nie vermy kan word nie", verduidelik hy. 'n Herverdeling van rykdom is waarskynlik noodwendig, aangesien die status quo in elk geval nie werklike vrye mededinging verteenwoordig nie.

Om dit te probeer bereik behoort die handves volgens hom die produk van onderhandelinge met alle partye, insluitend die ANC, te wees. Indien 'n handves van menseregte eensydiglik ingestel word, is dit essensiëel dat dit geloofwaardigheid by die meerderheid Suid-Afrikaners het.

Prof. Dion Basson van die departement Publiekreg aan die Universiteit van Pretoria was daarteenoor van mening dat die debat oor die herverdeling van rykdom, kapitalisme en sosialisme eers buite die handves moet geskied.

Volgens Prof. Basson sal die hele staatstruktuur eers verander moet word voordat 'n menseregtehandves ingestel kan word, maar intussen moet onderhandelinge voortgaan "omdat geen staat sonder 'n handves van menseregte kan bestaan nie".

In teenstelling hiermee het verskeie sprekers by die simposium daarop gewys dat die swart bevolking weinig vertroue in die howe het, en dat die regstelsel nie as 'n beliggaming van geregtigheid nie, maar as 'n instrument van onderdrukking gesien word.

Advokaat E. Moseneke, het gesê dat die instelling van 'n handves van menseregte onder die huidige Grondwet nie net beskou sal word as 'n deursigtige poging om die blanke minderheid te beskerm nie, maar ook as 'n hindernis in die vryheidstryd gesien sal word.

Volgens hom kan geen handves van menseregte saam met apartheidswette bestaan wat mense gedehumaniseer het tot 'n punt waar hulle glo dat niks wat die Regering doen die sisteem sal verander nie.

Mnr. Moseneke het gesê 'n gesprek oor 'n handves van menseregte is tans ontydig en onvanpas is. Dit sal vooraf gegaan moet word deur ingrypende politieke, sosiale en ekonomiese veranderings.

Die voorsitter van die Democratic Lawyers Congress en 'n dosent aan Unisa, mnr. Mathole Motshekga, het gesê dat 'n menseregtehandves dalk aansien aan die huidige bestel mag verleen, en wesenlike verandering kan belemmer.

"Ons het nie 'n handves van menseregte nodig nie," het advokaat Godffrey Pitje , voorsitter van die Black Lawyers Association, gesê. "Ons werk in die rigting van 'n oop gemeenskap waarin kleur of ras nie tel nie, en geen menseregtehandves gaan vir ons so 'n gemeenskap gee nie."

Terwyl prof. Dugard, hoogleraar in die regte aan die Universiteit van die Witwatersrand, met hierdie menings saamstem, het hy gesê dat hy 'n beperkte menseregtehandves as tussentydse strategie sal ondersteun.

In antwoord op die vraag waarom die Regering juis nóú opdrag gegee het om 'n handves van menseregte te ondersoek, het hy drie redes aangevoer: Die Regering sien dit as deel van die hervormingsproses en wil daardeur geloofwaardigheid aan hervorming verleen.

Volgens prof. Dugard is dit verder 'n poging om legitimiteit aan die regstelsel te verleen. Derdens sien die Afrikaner homself as 'n bedreigde spesie. 'n Verskansde handves van menseregte sal die minderheidsposisie van die Afrikaner beveilig.

Alles in ag genome het dit duidelik geword dat die instelling van 'n handves van menseregte 'n veelkantige konsep is.

Uit die bogenoemde menings blyk dit dat sommige waarnemers die Regering se motiewe sinies interpreteer. Of 'n menseregte handves 'n geval van "too little too late" is, kan nie nou reeds met sekerheid gesê word nie.

Hoe die Regereing die kwessie van so 'n handves benader, sal waarskynlik 'n groot invloed hê op die mate waartoe waarnemers die Suid-Afrikaanse regstelsel as legitiem beskou.

## KAMPUS-MENINGS

### Wat gaan die effek van ekonomiese sanksies op Suid-Afrika wees?


C. VISSER

**Christine Visser**
Die minder-gegoede mense sal eerste daaronder begin ly. Ons kan dit nie ignoreer nie. Dit sal definitief gevoel word. Ek dink egter nie dat dit 'n doeltreffende manier is om veranderinge af te dwing nie.


J. SMITH

**Philip Sutherland**
South-Africa cannot afford sanctions. Most people think that we will survive sanctions, but I don't think that is true. People compare it with the arms sanctions and the fact that we got over that. If it gets down to the important minerals, the world would certainly be able to break the system in South Africa. I think it will be a way of changing the present order in the country.

**Jennie Smith**
Many of the Ministers in the cabinet have proven that it is possible for us to manage without the sanctions. And South Africa has sufficient resources to manage on its own. If there are sanctions on the most important resources that we do get from overseas, I think it will cause chaos. In other fields though, I think the country can survive.


N. MULLER

**Neil Muller**
Sanksies sal nie 1 00 persent slaag nie. As direkte sanksies op ons ingestel word, is daar ander maniere waarop ons deur ander lande wel verby die boikot sal kom. Dit sal soos die wapenverbod wees wat ons oorkom het.


M. VAN AS

**Marlise van As**
Ek dink dit sal nadelig wees. Dit kan tot gevolg hê dat daar minder werksgeleenthede geskep word, wat vir ons probleme kan veroorsaak. Ek dink egter nie ons moet Suid-Afrika in dié verband onderskat nie.

**Kobus Botha**
Dit sal Suid-Afrika 'n knou gee. Buitelandse geld sal nie vrylik beskikbaar wees nie. Daar gaan dus minder werksgeleenthede wees en die land se bevolking gaan daaronder ly – blank en nie-blank.


H. POST

**Hans Post**
The long term effects are going to be completely negative as far as the economy is concerned. There is a alternative to sanctions. Everybody in South Africa has to sit down and decide what they want for the country. If they want a succesful and "lekker" country, they've all got to get up and do something.


D. WALTERS

**David Walters**
Dit sal die swartes wat reeds finansiëel swaarkry, nog meer laat swaarkry. Hulle redes vir geweldpleging sal daarom ook toeneem. Sanksies sal dus die toename van geweld in Suid-Afrika as direkte gevolg hê. En dit sal nie 'n oplossing wees nie. Die volkstaat is 'n alternatief. Ek is 'n AWB-man en ek dink die beleid van partisie is die enigste een wat in Suid-Afrika 'n vreedsame oplossing teweeg sal bring.

## ON RECORD

SKOK dit nie ook die hoof van die Universiteit van Stellenbosch tot in sy diepste wese om te moet hoor dat twee Maties na 'n sokkiejol in 'n ossewa seksuele omgang gehad het nie? **(Briefskrywer in Die Burger wat kla oor die gebrek aan dissipline op die kampus.)**

He is the ultimate cheeky kaffir, articulate and self assertive, who refuses to be grateful for the crumbs that are cast his way from the white man's table. **(The London Times on the attitude of South African whites towards Archbishop Desmond Tutu.)**

"In matriek was Tukkies my grootste ideaal." **(Anneline Kriel in 'n onderhoud met Die Perdeby, studentekoerant van die Universiteit van Pretoria.)**

(Afrikaner students) are forced into the mould of thinking all there is, is *'lekker* rugby, chatting up the girls and *alles is reg in die land'*. Now they see caspirs on their way to the airport. **(Phillip Verster; quoted in the Weekly Mail.)**

—Matie Art—

N • I • K • I • D • A • L • Y

# Kinderkuns en middelklasklanke

Veelsydige Niki Daly, kunsdosent aan die Universiteit van Stellenbosch, illustreerder van kinderboeke en musikant, gesels met THEO ERASMUS.

*Kan u miskien u agtergrond en ontwikkeling as kunstenaar en musikant skets.*

Ek het vanaf my kinderdae 'n duidelike beeld gehad van wat ek wou bereik en ek dink my belangstellings het reeds vroeg vorm aangeneem – ek het my tyd verwyl deur prentjies te teken en klavier te speel.

Toe die tyd aangebreek het om 'n loopbaanskeuse te maak het ek op grafiese kuns besluit met 'n oog op 'n loopbaan in advertensiewese. Ek het op daardie stadium geen blink toekoms in musiek kon visualiseer nie. In my eerste jaar op Kaap Teknikon het ek begin musiek speel in die Kaapstadgebied – dit was die na-Woodstock tydperk en ons musiek het hoofsaaklik die tydsentimente weerspieël – naïwe liedjies oor liefde en skoon lug. Sedertdien het ek geleer om besoedelde lug in te asem en aanvaar dat liefde nie so eenvoudig is nie.

In hierdie tydperk het my agent 'n demo band Engeland toe gestuur wat beloon is met 'n platekontrak by CBS platemaatskappy. Ek het vir twee jaar in Engeland lirieke geskryf en musiek opgeneem. Hierdie pogings het nie werklik vrugte afgewerp nie,dit was in 1973 met die ressesie in Brittanje en ek het saam met verskeie ander kunstenaars verdwyn.

Advertensiewese was weer my lot, maar ek het gehunker na grafiese kuns met 'n langer lewensduur - wat nie na 'n week in die snippermandjie sou beland nie. Illustrering van kinderboeke het my kuns vir vergetelheid vasgevang en my ook 'n geleentheid gebied tot herlewing van my kinderjare. Ek voel dat mens nooit jou kinderjare heeltemal voltooi nie en dat dit ook uitlewing in jou volwassenheid vind.




Die omslag van Niki se eerste langspeler, *Living in the Suburbs.*

Toe ek terugkeer na SA was ek teleurgesteld met die plaaslike musiekbedryf en het vir vyf jare geen musiek geskryf nie. Na vyf jare het Tully McCully my aangemoedig om weer opnames te maak en dit was asof die vyf jare van geen belang was nie – ek kon dadelik aanklank vind by die kontemporêre musiek van die tyd. My inspirasie moes ek put uit my daaglikse ervaring van 'n middelklas-woonbeurt bestaan as vader en gesinsman – kinders skool toe karwei, gesprekke wat dwarrel om yskaste en wasmasjiene. Ek het weerstand gevoel teenoor die epidemiese kwaliteit van so 'n bestaan. Hieruit het my eerste langspeler *Living in the Suburbs* ontstaan,hoofsaaklik 'n konsepalbum wat my gevoel van half-aanvaarding en half-militante weerstand teenoor woonbuurtbestaan weerspieël.

Van toe af het ek geen opnames aangepak nie tot my nuutste kortspeler *Do Young Boys Believe in Love?*; hoofsaaklik omdat ek die luukse kan bekostig om op te neem wanneer ek wil.

*Hoe sien jy die toekoms van die musiekbedryf in Suid-Afrika in die lig van huidige ontwikkelinge?*

Dit sal heel waarskynlik meer begin klink na musiek wat gewortel is in hierdie bodem,met 'n groter invloed van die inwoners. Ek dink daar is 'n vermenging van etniese en internasionale klanke nodig om so 'n unieke en aanvaarbare, verteerbare musiek te laat onstaan. Die musiekbedryf moet ook 'n goeie soliede ekonomiese basis vind sodat kunstenaars behoorlik vergoed kan word en al hul tyd aan hul musiek kan wy. Dit lyk ook asof die huidige is, dat as enige musiek relevant is, dit swart musiek moet wees- niemand wil na 'n tweederangse Brian Ferry luister nie.

*Hoe sien jy die konsep van 'n nuwe Suid-Afrikaanse kultuur?*

Dit lyk na die enigste optimistiese toekomsblik. As mense vreesbevange raak oor die behoud van hulle kultuur, word dit 'n oorspeelde ritueel. Onsekerheid lei tot 'n beklemmende kultuurverkrampdheid. Ons kultuur met sy unieke vermenging van elemente van die eerste en derde wêreld, behoort ongelooflike kreatiewe energie te laat ontbrand. Hierdie soort energie is tragies verlore op Stellenbosch. Die Neelsie behoort te vibreer met energie- dit is eerder 'n plek waar mense kos sit en verorber as 'n ontmoetings- en ideesplek. Hierdie soort denke is gewortel in ons onderwyssisteem en apartheid. Dit is tragies omdat 'n universiteit staan vir die ontwikkeling van vrye denke en menslike potensiaal.



NIKI DALY, kunstenaar en musikant.

MOVIE REVIEW

# 9 1/2 Variasies op 'n tema

**9 ½ Weeks. Regie deur Adrian Lyne met hoofspelers Kim Basinger en Mickey Rourke.**

ELIZABETH (Kim Basinger) is 'n geskeide kunsverkoper; 'n jong vrou met 'n ou gesig. Sy is modieus slorderig, dra te veel eyeliner, en haar hare lyk doelbewus asof dit nooit geborsel word nie. Sy bly in 'n ouderwetsversierde woonstel met kantgordyne, 'n groot wit wolkat en Molly, 'n kollega.

John, (Mickey Rourke) is 'n borselkop yuppie wat te veel geld te vinnig gemaak het. Hy bly in 'n ultramoderne woonstel met min meubels, geen matte en baie T.V.-stelle. Hy is lief vir koskook maar sy karakter is verdag omdat sy pakke simmetries in sy klerekas opgehang is. Hy is redelik sexy en verskriklik bewus daarvan – sy klerekas se skuifdeure bestaan uitsluitlik uit massiewe spieëls. Effens bar in sy maniere, herinner hy mens aan 'n ondeunde klein seuntjie wat altyd sy sin moet kry.

Die twee ontmoet in 'n sjinese kruidenierswinkel en staar diep in mekaar se oë. Toevallig ontmoet hulle mekaar later weer en eet saam uit. Hy probeer haar in die bed kry maar sy weier. 'n Paar dae later probeer hy weer. Sy weier nie. Die affair duur, soos die titel aandui, presies 9 ½ weke.

Geleidelik word die lewenslustige Elizabeth 'n zombie. John is 'n manipuleerder. Hy speel 'n nimmereindigende raaiselspeletjie met haar, sodat sy nooit weet wat hy volgende gaan doen nie. John koop vir haar klere en trek haar aan; borsel haar hare; kook die kos en voer haar soos 'n baba. Sy verloor alle belangstelling in haar werk en in dinge en mense rondom haar. Af en toe rebelleer sy teen John se *gesag* maar word elke keer vinnig in toom gebring.

Uiteindelik besef Elizabeth dat sy ook geregtig is op 'n lewe van haar eie, en loop.

Hierdie fliek was veronderstel om vuurwarm eroties te wees. Maar iemand het hopeloos te hard probeer om dit so te maak. Die meeste pogings tot erotiek was lagwekkend, ander was verleënd, en die res het my naar gemaak. Veral toe die twee besmeer was met stroop en dit gelyk het asof hulle besig was om mekaar te eet, was my middagete in gevaar.



MICKEY ROURKE en KIM BASINGER, sterre in *9 ½ weeks*, vertolk die rolle van twee verliefdes verteer deur hulle passie vir mekaar.

Die toneelspel oor die algemeen is aanvaarbaar. Kim Basinger se styl het herinner aan Ally Sheedy in *The Breakfast Club*, wat nie heeltemaal gepas het by 'n volwasse vrou nie, hoewel dit baie oulik was. Mickey Rourke kry dit reg om sy karakter 'n bietjie *over the top* te vertolk, alhoewel ek hom nie kwalik neem nie. John kom voor as 'n koue persoonlikheid met 'n visserige kyk in sy oë. Presies wat hy in Elizabeth sien is nie baie duidelik nie; sy perverse lewensuitkyk moet maar aanvaar word as die rede daarvoor.

Die ander akteurs, veral Margaret Whitton wat die mollerige mallerige Molly vertolk, vorm 'n sterk kontras teenoor die hoofspelers. Die sekondêre karakters is as't ware die rêrige persone, terwyl John en Elizabeth soos uitgesnyde kartonfigure lyk.

'n Laaste waarskuwing: moenie hierdie fliek gaan kyk as jy 'n goeie voorbeeld van dramatiese erotiek wil sien nie. Moet dit ook nie gaan kyk as dit 'n first date is nie. Jou verhouding sal dit dalk nie kan weerstaan nie.

LINDA BORCHERDS

# Kleurvol maar teleurstellend

'n AANTAL werke van die Johannesburgse kunstenares, Gail Machanik, word tans in die Dorpstraat Gallery tentoongestel.

Die Britsgebore kunstenares, 'n oud-student van die Michaelis-kunsskool in Kaapstad en tans lektrise aan die Germistonse Technikon, is bekend vir haar kleurvolle, beeldryke doeke waarin sy innerlike en uiterlike ruimtes kombineer. Haar skilderye is spontaan en maklik verteerbaar en haar onlangse uitstalling in die Karen McKerron-kunssaal in Johannesburg was 'n groot sukses.

## Uniek

Die werke wat tans hier te sien is, stel egter teleur.

Uniek en kleurvol is haar werk wel; tog is dit of iets in die geheel ontbreek – miskien voldoende aandag aan eenheid, vorm en tegniek? Die jukstaposisie van dekoratiewe fragmente bly net té dekoratief en gesuggereerde vorms soms net té plat.

## Sterk

Aan inspirasie ontbreek dit Machanik kennelik nie. Tematies is haar werk sterk, die simboliese en mitologiese komponent opvallend; tog bly dit vir my 'n bietjie eksplisiet, en amper obskuur. Die teenstelling in die Maggie Laubscher-geïnspireerde Oos-Kaap-figuur van "Autumn Afternoon" (1986), (dié is terloops vir my baie aanvaarbaar – 'n lekkerte van beweging, vorm en kleur), met die pot blomme, (senutergend sentraal in die prentvlak), word amper kitsch.

## Potensiaal

Ook die uniformiteit van karakter en statiese handeling in haar werk is vir my hinderlik. Sy blyk haar in 'n ongemaklike stadium van 'n vereenvoudigingsproses te vind. Potensiaal en belofte is egter opvallend in al die werke wat die tendens openbaar en ek vind dat ek met uitstap al klaar gemak'iker voel met n skildery soos "The Waiting" (1985),as met ons eerste ontmoeting.

Volgens nog 'n onseker besoeker: "Dalk groei die goed op mens!"

Die uitstalling duur tot 27 September.

KOBIE SWART

# PRIMS VIR '87

## DAGBREEK



Robert Kotze

Dagbreek het vanjaar 'n besonder goeie jaar agter die rug. Ek en my huiskomitee sal hierop voortbou deur:

* die inwoners se belange op die hart te dra;
* goeie skakeling met die owerhede, SR en vrouekoshuise te handhaaf; en
* deelname aan kampusaktiwieite aan te moedig.

Met ons stewige fondamente sal ons steeds die Huis van Roem en Faam bly!

## EENDRAG



Niel Stofberg

Ek beskou die taak van primarius as volg: hy moet sodanig betrokke wees, dat hy die behoeftes van die huis sal kan aanvoel, sodat hy sy beplanning daarvolgens sal kan aanpas.

Ek besef dat die amp van primarius baie opoffering en verantwoordelikheid verg, maar ek onderneem om die taak met entoesiasme te benader en ten alle tye my Christelike oortuigings voorop te stel in die uitvoering van my plig.

## HELDERBERG



Chris du Preez

As prim sal my plig wees om my koshuis te dien en om skakeling met die universiteitsowerhede en met ander koshuise te hanteer.

## HELSHOOGTE



Thys Wentzel

'n Prim moet sy plig doen in sy eie styl en in voeling met die koshuis bly.

## HOMBRÉ



Steyn Spies

In die lig van ervaringe as Huiskomiteelid, aangevul deur skakeling met die Prim-komitee en SR, streef ek om sinvolle leiding aan die huis te gee sodat ons konstruktief sal bydra tot die naam en doelwitte van Hombré en ons Alma Mater.

## HUIS MARAIS



Schalk Stapelberg

Koshuislewe op Stellenbosch bied 'n groot uitdaging gaan sy inwoners indien dit reg beheer word. Dus sien ek primskap as 'n diens en leiding aan die koshuis en sy inwoners.

'n Gesonder gees in die koshuis gaan gepaard met die nodige dissiplinne - wat alleenlik met gesag van die prim en sy HK en vlot administrasie van die huiskomitee afgedwing kan word.

In my dienstermyn sal ek Huis Marais op kampus verteenwoordig en die beeld van die koshuis en sy inwoners uitdra.

## HUIS VISSER



Herman Venter Burger

## MAJUBA



Leon Wentzel

In die nuwe termyn sal ek my beywer vir die volgende:

* die verdere ontwikkeling van koshuisgees;
* die gelukkige samesyn van alle huislede binne 'n raamwerk soos deur die meerderheid van die inwoners daargestel;
* die onderlinge aanvaarding en erkenning van verskille tussen huislede; en
* groter betrokkenheid van huislede by koshuisaktiwiteite asook tussen mekaar.

## SIMONSBERG



Andrew Breitenbach

Ek is trots op Simonsberg. Wat menseverhoudings en samesyn betref is die Wit Huis beslis die voorloper. Die verdraagsaamheid en ontspannendheid van almal hier is 'n voorbeeld vir die res van die kampus. My ideaal is om die onderlinge begrip en respek te bestendig. Ek sal die huis eerlik en regverdig lei.

## WILGENHOF



Dirk Oosthuizen

## ARISTEA



Juliana Verster

Na my mening is die pligte van 'n prim hoofsaaklik van aministratriewe aard, d.w.s. om toe te sien dat alles vlot verloop in koshuisverband. Daar is egter ook 'n ander belangrike funksie wat 'n prim vervul en dit is om op te tree as 'n soort van PRO vir die koshuis. 'n Koshuis se gewildheid hang nogal baie af van die beeld wat die prim projekteer ten aansien van die koshuis. As primaria van die enigste privaat dameswyk wil ek in my termyn poog om die beeld van Aristea te verbeter en om die koshuis se gewildheid op te stoot. Dit kan alleen bereik word deur meer mense te motiveer om deel te neem aan al die aktiwiteite van Aristea.

## LIBERTAS



Errol Dorman

Libertas as a private res has done extremely well in the past year. This can largely be contributed to the organisation of the house committee and a number of individuals whose initiative, dedication and hard work have contributed to these successes. Looking back on the 1985/86 term we can see why it is an honour to represent Libertas.

With the talented HC elected for the coming term I believe that as a team we can and must improve on our foundations to make our best, better and our good, great.

## OUDE MOLEN



Francois Naudé

Om verskeie voor-die-handliggende redes is dit vir die privaatwyke baie moeiliker om op enige gebied met die ander koshuise saam te praat. Tesame hiermee, het daar met verloop van tyd 'n bepaalde stigma begin kleef aan die privaatwyk, soms ten regte, maar soms ten onregte.

## PIEKE



Gustav Potgieter

As primarius van Pieke onderneem ek om:

* Pieke na die beste van my vermoëns te dien;
* 'n skakel tussn die huislede en ander lede van die HK te wees;
* 'n balans te handhaaf tussen akademie, sport, sosiaal en ander aktiwieite.

## ERICA



Ilse van der Spuy

Omdat ek 'n Christen is sal ek, in alles wat ons aanpak, God se eer soek. Nodeloos om te sê dat ek baie na 1987 uitsien.

## HARMONIE



Carla Stander

Deur my beskikbaar te stel as primaria van Harmonie is dit my begeerte om nie net daardeur my koshuis te dien nie, maar ook om daardeur die vrouestudente op die kampus se belange op die hart te dra. As skakel tussen my koshuis en die studenteraad sal ek ook as verteenwoordiger optree vir Harmonie en daardeur hulle besluite aan die res van die kampus oordra. God het ook híermee 'n doel en ek glo daarom dat ek slegs met Sy hulp 'n volwaardige primaria vir Harmonie kan wees.

## HEEMSTEDE



Carina Terblanche

Die huiskomitee van 'n koshuis is in die eerste plek daar om die inwoners van die betrokke koshuis te dien en na hul belange om te sien. Net so is die primaria op haar beurt nie net in diens van die koshuis nie, maar in besonder van die HK. Deur die nodige leiding en ondersteuning aan haar HK te verskaf, kan sy verseker dat al hul aktiwiteite ten beste funksioneer. Verder moet sy altyd die belange van haar koshuis eerste stel en 'n positiewe beeld van die koshuis na buite uitdra.

## HUIS DE VILLIERS



Lilene van der Merwe

Hiermee verklaar ek dat ek as prim van Huis de Villiers myself volkome in diens sal stel van my koshuis en medestudente. Die volgende beginsels en doelstellings sal ek na die beste van my vermoë handhaaf en nastreef. Ek sal:

* poog om altyd 'n positiewe beeld van die koshuis na buite uitdra;
* konsekwente en onbevooroordeelde optrede teenoor my mede-Huis Divvers nastreef;
* deur die krag wat ek van my Skepper ontvang, alles in my vermoë doen om die vertroue wat in gestel sal word, nie te beskaam nie.

## HUIS NEETHLING



Letitia Niemand

Hiermee beloof ek om ten alle tye my beste vir Huis Neethling te lewer. Met die hulp van God sal ek die koshuis met trots verteenwoordig en sy naam ten alle tye hoog hou.

## HUIS TEN BOSCH



Magdel van Rensburg

Om prim te wees van 'n puik koshuis soos Huis Ten Bosch is 'n groot voorreg en verantwoordelikheid. Dit bied ook aan my 'n heerlike uitdaging om:

* vir elke Huis ten Boscher 'n gelukkige tuiste te skep waar sy haarself kan uitleef;
* 'n positiewe bydrae te lewer tot algemene studente-aangeleenthede; en
* om bo alles 'n instrument in die hande van my God te wees.

## IRENE



Carla van der Spuy

Ek sal soos in die verlede na die beste van my vermoë na die belange van die inwoners van Irene omsien, hulle altyd respekteer en hulle met dieselfde lojaliteit ondersteun as wat ek van hulle verwag.

## LYDIA



Marguerite van Wyk

As nuwe Prim van Lydia sal ek probeer om:

* lojaal teenoor Lydia te wees;
* 'n vroulike, dog ferm Prim te wees.

## MINERVA



Christina van der Merwe

Volgens my moet 'n primaria die volgende vereistes voldoen:

Beginselvastheid: Christelike beginsels moet as grondslag dien vir alles wat onderneem word.

Verantwoordelikheid: Volwassenheid en begrip moet aan die dag gelê word in die uitvoering van pligte en die skakeling tussen studente en universiteitsowerhede.

Konsekwentheid: Bevooroordeeldheid mag nooit 'n faktor wees by enige besluitneming nie.

Entoesiasme: Sy moet dit geniet om inisiatief te neem en besluite met dryfkrag kan deurvoer.

Diplomasie: Elke persoon se mening behoort oorweeg te word en nie summier verwerp word nie. Koshuislede moet haar as persoon met vrymoedigheid kan nader.

## MONICA



Jeanne Heyns

My hoofdoelstelling is om saam met die HK van 1987 'n omgewing in die koshuis daar te stel waar elke Monicaner die geleentheid sal hê om haar ten volle uit te leef en te groei as mens. Met ons oë gerig om Jesus, sien ons ten volle uit na die jaar wat voorlê.

## NEMESIA



Jeanine Rademan

Een van die belangrikste vereistes vir geluk in die lewe is om iets te kan beteken, ook:

* om elke dag te groet met eerbied vir die geleenthede wat dit bied;
* my werk met 'n oop gemoed aan te pak
* om altyd voor oë te hou by die doen van alle take, my uiteindelike doel, nl. om Nemesia 'n gelukkige woon- en werkplek vir sy inwoners te maak.

## NERINA



Liesel Pauw

As primaria van 1987 sal ek graag Nerina se goeie gees wil behou en help uitdra – op kulturele, akademiese en sportgebied. Met die hulp van ons Skepper sal ek die opdragte wat aan my opgedra word met oorgawe en entoesiasme wil uitvoer. Die huislede moet die vrymoedigheid kan hê om met enige probleme en/of voorstelle na my te kom. Om daardie manier sal ek dus elke lid van Nerina in ag wil neem. Verder kan ek niks meer belowe as om net my bes te doen nie.

## SERRURIA



Elizabeth Stelzner

As prim vir volgende jaar sal ek daarna strewe:

* om op die duidelike welslae wat deur Liza en haar komitee bereik is, voort te bou en indien moontlik daarop te verbeter;
* om my vir sinvolle veranderings in ons koshuislewe te beywer; en
* om die belange van my medestudente te alle tye te behartig met die nodige hulp van Bo.

## SONOP



Theresa Taljaard

Ek is bereid om beskikbaar te wees vir oplossings sowel as probleme van student-wees en sal my vermoëns waar moontlik tot voordeel van die huis gebruik.

## HUIS FRANCIE VAN ZIJL



Hannalie du Preez

Dit is my belangrik dat die mense op Tygerberg-kampus, en dan Huis Francie spesifiek, nie uit Stellenbosch se gedagtes sal verdwyn nie. Dit is vir my belangrik dat daar meer skakeling sal wees by kampusaktiwiteite.

# RM lewer neutrale diens aan SU

**MARIA ESMEYER, Besturende Direkteur, Radio Matie, skryf:**
Radio Matie is en bly 'n onafhanklike dienslewerende studente-organisasie. Hoewel Radio Matie self geen standpunt inneem nie, word ons reglementêr verbind tot objektiewe beriggewing oor aktuele sake. Standpunte en opinies wat oor Radio Matie uitgesaai word, weerspieël nie noodwendig dié van die bestuur, nuusdepartement of personeel nie.

**EMMERENTIA VAN ZYL, Nuusredakteur van Radio Matie, skryf:**
GESIEN in die lig van die nuutste PSA-bulletin se berrig "Gematigdes verslaan Lefts in SR" waar Radio Matie beskuldig word dat hulle die PSA veldtog in die nuutste SR-verkiesing as "vuil politiekery" probeer afmaak, sal ons graag die volgende wil bekendmmaak.

Radio Matie omroepers het onder geen omstandighede hierdie identifikasie aan die PSA geheg nie. Enige uitlatings van gassprekers in die verband was hul eie diskresie en nie die "breinkind" van Radio Matie nie.

Enige onderhoud gevoer op Radio Matie is op kasset opgeneem en tot die vrye beskikking van studente om na te luister in ons ateljee. Hierdie fasiliteit is reeds gebruik deur mnr. Anton Schoombee, algemene sekretaris van die PSA. Daar is dus geen rede waarom sulke onjuiste stellings uit die PSA geledere behoort te kom nie.

Radio Matie is nie 'n politieke verhoog of spreekbuis nie, maar suiwer ingestel op verskeidenheid en vermaak in die Neelsie. Ons voel dus dat Radio Matie nie in enige politieke spervuur betrek behoort te word nie, aangesien onderhoude en gesprekke objektief uit media oogpunt gevoer word.

# Dít was geen set

**FRITZ BRAND, Hoofredakteur, Die Stellenbosse Student, skryf:**
NA afloop van die SR-sirkusse en onlangse SR-verkiesing is daar 'n paar onduidelikhede wat ek graag sou wou opklaar.

Hierdie onduidelikhede spruit uit die afdanking van mnr. Francois Beukman as Redakteur: Koshuise op die redaksie van Die Stellenbosse Student.

As redakteur was mnr. Beukman verantwoordelik vir die delegering en koördinering van sy sub-redaksie. Sy primêre tak was egter om berigte te redigeer, kopie setgereed te kry en die uitleg van sy onderskeie bladsye te behartig.

Wat betref die werksindeling en -programmering is daar 'n werksprogram tydens die heel eerste Algehele redaksievergadering, gehou op 22 April 1986, uitgehandig. Volgens hierdie program moes twee derdes van die werk reeds op 5 Augustus 1986 gereed gewees het.

Mnr. Beukman het beide aangeleenthede betreffende sy taak as redakteur in werksindeling en -programmering gefaal. Die koshuisverslaggewer het dus mettertyd bogenoemde take begin oorneem.

Die suiwere motief leidende tot die afdanking van die koshuisredakteur was nie as gevolg van onbevoegdheid en onbevredigende werk nie. Bg. mag egter nie uitgesluit word nie. As hoofredakteur wou ek die koshuisverslaggewer die erkenning gee wat haar toekom, en dit het nie soseer gegaan om werk wat nie gedoen is nie. Die oorspronklike mosie het dan ook as volg gelui:

Dat (1) mnr. Francois Beukman as Redakteur: Koshuise op die redaksie van die Die Stellenbosse Student van sy pos onthef word en aangestel word as Verslaggewer : Koshuise; (2) Mej. Anchen Nel aangestel word as Redakteur : Koshuise op die redaksie van Die Stellenbosse Student.

Bogenoemde mosie is later in n gewysigde form deur die UK van die SR aanvaar.

Tydens twee SR-sirkusse het mnr. Beukman as SR-kandidaat in antwoord op 'n vraag na aanleiding van bg. soos volg geantwoord:

"(1) Ek is nooit vooraf in die saak geken nie, en (2) daar is ook nie reglementêr gehandel nie. Ek het dit met my regsverteenwoordigers bespreeek en ons gaan hierdie saak by die Studentehof aanhangig maak."

Die feite is egter as volg:
1. Ek het mnr. Beukman persoonlik genader 'n driekwartuur voor sy onderhoud met die UK van die SR. Hiertydens is hy volledig ingelig oor die aard van die klag, die moontlike gevolge asook die motief onderliggend aan die klag. Mnr. Beukman is ook versoek om sy saak met die grootste verweer moontlik te stel. Wat betref verdere skakeling het ek by n paar geleenthede vlugtig met mnr. Beukman oor die vordering van sy werk gesels. Ek het hom ook aan koshuis besoek en verskeie telefoonoproepe is in die verband gemaak.

(2) Na die beste van my wete is daar geen reglementêre oortredings begaan nie. Ek sou graag die volgende punte wou uitlig:
a) Die SR se Publikasiekomitee is slegs n werkskomitee en alle beluite deur hierdie komitee geneem moet deur die UK van die SR goedgekeur word.
b) Die SR-lid is outonoom en hoef nie sy komitee in alle sake te ken nie.
Weens die dringendheid van die omstandighede is die SR-lid vir Publikasies, mnr. Johan Olivier, direk gekontak. Hierdie klag is eers later deur mnr. Olivier voor die SR se UK gelê, waartydens mnr. Beukman en ekself die geleentheid gebied is om ons onderskeie sake te stel. Mnr. Beukman het n billike verhoor gehad waarmee prosesregtelik geen fout mee te vind is nie.

Ten slotte: Dat die afdanking van mnmr. Beukman as Redakteur: Koshuise op die redaksie van Die Stellenbosse Student dus n politieke set was, is n blote fabel. By wyse van hierdie skrywe daag ek hom en sy regsverteenwoordigers uit om gestalte te gee aan sy woorde en wel hierdie saak by die Studentehof aanhangig te maak.

**Mnr. Francois Beukman, SR-lid vir Studentebelange, antwoord:**
Ek is aangestel in die pos van Redakteur: Koshuise op die SS deur mnr. Johan Olivier se komitee.

Oor die taak van die redakteur stem ek saam met die "skrywer", mnr. Brand, is dit soos in die "brief" en in die "reglemente" vervat. Dit is egter so dat mnr. Brand in sy "betoog" sekere feite verswyg soos die volgende.

Is dit so dat die "koshuisverslaggewer" wat mettertyd die redakteur se take oorgeneem het, net nie opgedaag het vir 'n koshuisredaksievergadring nie, wat absoluut belangrik was?

Is dit waar dat die eerste Hoofredaksievergadering van die kwartaal (volgens die werksprogram) op 24 Julie gekanseleer is?

Weens SP verpligtinge kon ek nie die uitgestelde vergadering bywoon nie.

Wat die "ontevredenheid" met my werk betref, hoekom het mnr. Brand reguit na die UK van die SR gehardloop, en nie my gesê dat hy probleme het nie? Om iemand 'n driekwartuur voor 'n SR-vergadering in te lig dat weens "ontevredenheid" sy pos ter sprake is, is myns insiens kortsigtig. Verder om dadelik na die UK van die 85/86 termyn te nader is nie in die gees van onderlinge vertroue nie.

Ek is dus korrek om die aanname te maak dat ek nie vooraf geken is nie. Verder wat die reglementêre ordes betref was dit my persoonlike opinie dat daar nie in die *gees* daarvan gehandel is nie.

Daar was ook tot n groot mate 'n motief gesien in die lig van die kort kennisgewing. Daarby ook die opmerking van Phillip Verster na die vergadering teenoor SR-lede "dat nog 'n skippie gesink" is. Dit is veral in noue verband met die daaropvolgende SR-verkiesing dat die saak uitgebuit is.

In die regsbeginsel behou ek die reg om op te treë rakende die Studentehof - die reg is geduldig - indien nodig. Dit hang van my af en geen persoonlike aanvalle deur enige iemand sal 'n invloed speel of daardie reg gebruik sal word of nie.

*(Brief en antwoord verkort.)*

# Nuwe SR wel vir hervorming

**BARNARD BEUKMAN skryf:**
DIE onsportiewe reaksie van die oorbeligtes op die SR-verkiesingsuitslae is teleurstellend. Dit lyk asof linkses se bitterheid ná die uitslag hulle blind maak vir 'n korrekte interpretasie van die verkiesinggebeure.

In 'n vraelys wat deur Die Matie vir doeleindes van 'n meningspeiling aan SR-lede verskaf is, verklaar die vader van die nuwe SR-stelsel, Phillip Verster, dat die SR se politieke funksie die belangrikste is. Hierdie standpunt werp 'n interessante lig op moontlike motiewe met die nuwe stelsel. (Wie sê nou die PSA het die verkiesing gepolitiseer?)

Dit is dus so duidelik soos daglig dat 'n SR wat oorheers sou word deur 'n oorbeligte denklyn, politieke mosies met 'n oorbeligte strekking sou aanvaar – 'n denklyn wat slegs 'n minderheidsgroep op kampus verteenwoordig. Daarom was dit beslis relevant en van hoogste belang om studentekiesers daarop te wys dat hulle moet seker maak dat hulle kandidate se politieke standpunt in ag moet neem. Hiermee was pamflette van die SSG en PSA dan ook effektief.

Dit sou mos naïef wees om te kon dink dat studente bloot vir kandidate moet stem op grond van hul "vermoë om studentebelange te hanteer" en dan na die verkiesing sê sulke verkose kandidate hulle het 'n mandaat om politieke uitsprake te maak en dan maak hulle politieke uitsprake wat nie eers die studente verteenwoordig wat vir hulle op grond van "studentebelange-meriete" gestem het nie. Ek wil vra: het oorbeligtes werklik gedink niemand sou die onderrok van so 'n swak verkiesingstrategie sien uithang nie?

Kritici van die PSA se beweerde oortreding van die verkiesingsregulasies mag dalk enkele punte aanteken. Daar is mos kanale waardeur sulke klagtes hanteer kan word. Net soos die SSG verteenwoordig die PSA die meerderheid Maties se politieke siening en klaar. Die meeste Maties verwerp die linkse politiek wat effektief deur die PSA beveg word. Vir George van Niekerk om dus na PSA-pamflette as "laakbaar" en "walglik" te verwys (so amper asof hierdie terme homself pas) in Die Matie van 4 September is heeltemal onvanpas.

Ben Schoeman se brief in dieselfde uitgawe laat mens stom van verbasing. Hy verwys na 'n "beweerde" uitspraak van Winnie Mandela "sou" gemaak het, wat deur die PSA gebruik word. Ben, ou seun, Winnie het (het, soos in ware feit) op 13 April vanjaar in Munsieville gesê dat die land met vuurhoutjies en "necklases" bevry gaan word. Hoe lank gaan linkses nog hul oë sluit vir die werklikhede van die ANC deur die terroriste-organisasie agter 'n valse rookskerm van "vreedsame edelheid" te probeer wegsteek. (Kom by Ben, kom by.) Ben voel dat die PSA die ECC swartsmeer, maar is dr. Van Zyl Slabbert se siening van 'n anti-diensplig veldtog dan heeltemal ongesaghebbend? (Dr. Slabbert:"The call to end conscription is dangerously naive, romantic, simplistic and counter-productive").

As kandidate in 'n SR-verkiesing ingaan en hulle wil ECC op kampus toelaat en onvoorwaardelik met die ANC praat, moet belangegroepe soos die PSA die feite rondom genoemde organisasies aan studentekiesers verskaf.

Die nuut verkose SR dui op 'n mandaat vir realistiese hervormingspolitiek en vir prioriteit aan studentebelange. Sterkte kêrels!
*(Brief verkort.)*

**POSTE BY DIE MATIE**

Subredakteur: sport
Sportverslaggewers
Subredakteur: nuus
Subredakteur: kuns

**SR-SUBKOMITEES: AANSOEKE INGEWAG:**
**Studentebelange-komitee**

**Publikasiekomitee:** ses poste

Doen aansoek by die SR-kantoor teen Vrydag 3 Oktober

Onder meer: Die Matie; Die Stellenbosse Student; Joernalistieke week; koshuispublikasies; Fakulteitspublikasies.

**Die MATIE-dagboekie:** Redakteur en twee Assistent-redakteurs

Doen aansoek by SR-kantoor teen Vrydag 3 Oktober.

**Verdere komitees:** Tesourierskomitee; SOSIUS-werkskomitee; Kulturkomitee (Straatteaterkomitee en Sangfeeskomitee); Sentrumkomitee; Leierskapontwikkelingskomitee; Spog-werkskomitee; Verenigingskomitee; Sekretariskomitee.

Aansoeke vir dié komitees moet teen Vrydag 3 Oktober om 14h00 by die SR-kantoor, LSS, ingehandig word. Aansoekvorms is by die SR-kantoor beskikbaar.

**POSTE BY RADIO MATIE:**
Word 'n NUUSVERSLAGGEWER by Radio Matie, die mees dinamiese medium op die kampus. Doen aansoek by die SR-kantoor teen Vrydag 3 Oktober.

## DM is kommunisties

**JONATHAN skryf:**
VERGUN my 'n stukkie ruimte om te sê hoe ek Die Matie en sy rol op die kampus sien na aanleiding van die ietwat naïewe menings in die vorige uitgawe. In verskeie opsigte word die Kommunistiese ideaal vir Suid-Afrika (of dan Azanië) deur hierdie studentekoerant bevorder.

Vir die afgelope ses jaar loop dit soos 'n goue draad deur feitlik al die uitgawes: Hierdie is 'n Afrikaanse koerant wat deeglik op die gevoel van Afrikaners speel, om maar een voorbeeld te noem.

Meeste politieke artikels is daarop gemik om 'n skuldgevoel by die Afrikaner te kweek, of om die Afrikaner af te kraak. Of dit is 'n implikasie daarvan indien dit onbewustelik is, omdat u weinig melding maak van die blanke bevolkingsgroep se positiewe bydrae tot die politiek.

'n Gees van politieke negativisme word onder die blanke bevolkingsgroep gekweek. Die Matie is beslis nie 'n akkurate refleksie van die Studente Unie se politieke standpunte nie.

# Afrikaners in somer verlep

**COBUS SMIT skryf:**
INSAKE "Perspektiewe en dinge" in Die Matie van 4 September wil ek graag die volgende wyshede in die armbeurs gooi.

Dit is waar, dis lente (dis nou vir die doeleindes van blommekykers), maar die snerpende koue is nog lank nie verby nie.

Die koue wind van verandering wat van die Pieke af waai, en net die taaiste laat oorleef, is nog lank nie klaar gewaai nie.

Terloops, ek dink sommige populêre aksies het 'n bietjie misbruik gemaak van die vinnige ommeswaai na die skynbare somerweer.

Ek hoop egter dat die winterswind nog 'n bietjie langer sal waai sodat hulle sal omkom. Shakespeare het immers gesê: "Thou has spoken right, 'tis true: / the wheel has come the full circle; I am here...". Maar nou ja, "who loses and who wins; who's in, who's out..." Ons hoop as die lente verby is, sal dit lente wees en daarna somer. Somer waarin ons ons pigmentasieverskille 'n bietjie kleiner kan laat word deur die heilsame werking van Everysun (Aquasport) op strande sonder tolhekke, heinings (Vishoek sucks) en "Slegs vir Blankes-bordjies".

En die Afrikaners kan eers in die Somer verlep, want dan blom hulle eers.

## Duikplank ook?

**THE MIDNITE MOVERS skryf:**
NA aanleiding van 'n vorige berig in verband met die gebruike van die tradisionele ossewa, wil ons graag die aandag vestig op 'n beter opsie.

Drie mans en drie dames het mekaar op 'n Saterdagaand vir die eerste maal by 'n welbekende kuierplek ontmoet. En soos dit soms die geval is, lei een ding toe tot 'n ander ding(eling). So eindig die groep (woeps) by 'n sekere "verbode swembad" (C....burg).

Die crux van die saak is net dit: Maties doen dit selfs beter op die duikplank.

NS. Hiermee vestig ons kopiereg op enige relevante "stickers".


## REKLAME

**GESOEK**
BETREKKING vir 1987. Kwalifikasies: B.A. met Afr.Nedl., Sos., Bedryfsielkunde. (R10 000 - R12 000 p.a.). Skakel ☎ 4083
MANSFIETS in redelike goeie toestand teen billike prys. Kontak Pierre by ☎ 75780.
MOTOR (in goeie toestand) vir student. Minder as R1 000 en verkieslik onder R500. Kontak Tanja by ☎ 72332 of by Die Matie-kantoor.

**TE KOOP**
B.O.R.S.: Een honderd genommerde en ondergetekende afskrifte van Fris Frik Forsbors se toespraak is beskikbaar teen 50 sent een in die SR-kantoor. Maak seker dat jy een van hierdie Africana-versamelstukke in jou kluis het.
RESIESFIETS: 10-Spoed Peugeot Sting, blou. Baie goeie toestand. R175 Dringende verkoop. Te besigtig op Stellenbosch. ☎ (02231) 27164 tussen 6 en 10 nm.weeksdae en naweke enige tyd.
CAR: Mini (1969); white; in good condition. Phone Lindy at ☎ 5621 in evening.
NICE KARAVAAN - omgebou, matte, elektrifiseerd, Yskas, 4 beddens, boekrakke. Slegs R3 500 o.n.a. Kontak "Adverteerder 3" by Die Matie-kantoor vir navrae.
SAILBOARD (complete): Custom Sinker (Tri-Fin), Fully Battened Wave Sail, Boom & Stiff Mast. R900. Contact Frank at ☎ 4259.
KLEREBEWYS ter waarde van R 100. Klere by Johan Brink of Dorp St.Mark. Bereid om R 90 te aanvaar. Kontak Kobus by ☎ 5193 tot 21h30.
LEERSANDALE, tuisgemaak, met verstelbare bande, Kleure lig- en donkerbruin. Prys: Groottes tot no 7 teen R20,00 , no 8 en groter R22 per paar. Drie voorbeelde beskikbaar. Vir verdere besonderhede, skryf aan Trufit Sandale, Posbus 13, Melkbosstrand. 7441. ☎ (02224) 3363.
ONDERDELE: vir veteraanmotors, 'n groot verskeidenheid; op Upington. Skakel ☎ (0541) 2751 (kantoorure) of ☎ (0541) 2206 (na-ure).

**DIENSTE**
RUBBERSTEMPEL, bestel u eie stempel: Handig om boeke, briewe, tjeks ens. mee te merk. Ideale geskenk teen spesiale prys vir Oktober. Vinnige, uitstekende diens. Bestel by U.U.B.,☎ 70337.
TIKWERK gedoen op woordverwerker. Kom na Sharon O'Connor: Kamer 1017, J.S. Maraisgebou (Landboufakulteit), Victoria straat. Tarief: R1,10 / A4 folio.

**HUISVESTING**
AVAILABLE: For all students for 1987. Single rooms, catering facilities but no cooked meals. Apply for application forms: The primaruis, Room 3, Emmaus House, or the Warden on Fridays between 10.00 and 11.30 am..
GESOEK: Huis vir vyf verantwoordelike studente vir 1987. Kontak Antoine by ☎ 76776.
GESOEK: Behuising vir senior vrouestudent vir 1987;"bachelor's flat" of buitekamer digby kampus. Kontak Erika Jakobs, Huis de Villiers. ☎ 2228; 2294.

**RUIL**
OLIVETTI standaardgrootte tikmasjien te ruil vir 'n draagbare tikmasjien, ook in goeie toestand. Kontak Daan by ☎ 74265.

**PERSOONLIK**
DRINGEND GESOEK: Viriele jong man; finansieel onafhanklik en emosioneel ook! Langer as 6vt. en met baie verbeelding............

Sportprofiel

# Deon Lötter is terug in rugby

Deur HENRIËTTE GELDENHUYS

DIE Matie- en WP-flank Deon Lötter word beskou as een van die grootste uitblinkers aan die WP-kant in hulle puik oorwinning van 26-16 oor Noord-Transvaal voorverlede Saterdag op Nuweland.

Hy het amper die seisoen nie gespeel nie, juis omdat hy te vroeg te hard begin oefen het. Gevolglik was hy reeds uitgeoefen en ongemotiveerd toe die seisoen begin het. Sy spel het so verswak dat hy aan die begin van dié seisoen sy uittrede aangekondig het. Na 'n rusperiode van twee maande het hy weer moed geskep en begin speel.

Teen Noord-Transvaal het hy veral agter in die lynstane geskitter waar hy die bal deur goeie beheer aan sy span besorg het. Hy het ook 'n drie gedruk nadat Chris Smit van 'n lynstaan weggebreek het. Hy voel die oorwinning is te danke is aan die goeie aanvalswerk en die feit dat die span vorentoe gespeel het.

"Ek, Tiaan en Gert speel lekker saam en kom goed oor die weg," sê hy oor die ander WP-losvoorspelers. Hy geniet dit veral om saam met Schalk Burger vir die Maties te speel, die man wat hy as die grootste bedreiging vir sy plek in die WP-span beskou. Deon is na Burger se besering in die WP-span opgeneem.


DEON LÖTTER

Deon se rugbyloopbaan het op merkwaardige wyse begin. Aan die Hoërskool het hy hom tot matriek op sokker toegespits, totdat hy in Matriek vir die eerste keer rugby gespeel het – slot vir dié skool se eerstespan.

Deon het gedurende die 1979-somervakansie in Wallis gaan rugby speel – vir die wêreldbekende klubspan Llanelli.

In 1981 het Deon sy eerste wedstryd vir die WP gespeel.

Na 'n lang tydperk in die slotposisie het Deon in 1982 vir die eerste keer begin flank speel vir die Maties en WP. In 1983 en 1984 het hy vir Griekwas en Tuine-Tech onderskeidelik gespeel en weer in 1985 na Stellenbosch teruggekeer.

Behalwe vir sy werk as 'n meganiese ingenieur by Sonchem, beoefen hy ook sosiale muurbal, waterski en ry hy graag motorfiets. Deon is 'n vrygesel wat beoog om een te bly omdat hy dit baie geniet om sy eie ding te doen, sy eie huis te hê en te kom en gaan soos hy wil.

Muurbal

# Nee vir kompetisies, speel eerder sosiaal

Deur HENRIËTTE GELDENHUYS

SLEGS twintig tot dertig lede van die US-Muurbalklub, die grootste sportklub op kampus, neem kompeterend deel in die WP-liga, terwyl die res van die sowat 1 700 lede die sport net op sosiale vlak beoefen.

Die vier mans- en twee vrouespanne wat wél mededingend deelneem, vaar egter baie swak in die WP-liga.

In 'n blits-opname onder sosiale muurbalspelers blyk dit dat 6 persent die sport drie keer per week beoefen, 60 persent een tot twee maal per week en 34 persent een keer in vier weke.

Baie spelers voel dat kompeterende muurbal gepaard gaan met spanning en druk, wat hulle juis vermy deur die ontspanning wat sosiale muurbal bied. Hulle vind kompeterende muurbal te georganiseerd, tydrowend en veeleisend. Studente wil nie so tydgebonde wees nie en wil muurbal in hul eie vrye tyd beoefen.

Sportiewe sosiale spelers beoefen dikwels 'n ander hoofsport, byvoorbeeld rugby, tennis, hokkie of netbal. Hulle vind dit prakties onmoontlik om aan twee kompeterende sportsoorte in 'n seisoen deel te neem. Die spel is nie tydgebonde nie en die maksimumhoeveelheid energie word in 'n kort tydsperiode verbruik.

Die spelers wat ondervra is, voel daar kan baie gedoen word om kompeterende muurbal op kampus te verbeter. As beter organisasie op owerheidsvlak plaasvind en dáár, mense is wat werklik in die spel belangstel, sal bekendstelling aan die sport, deur goeie reklame, verbeter.

Kleiner kompetisies met goeie pryse kan tussen klublede gereël word sodat elke lid daaraan kan deelneem. "'n Mens hoor nooit van muurbalwedstryde nie", is 'n algemene klagte.

Beter afrigting van studente moet plaasvind om hulle vertroud te maak met die reëls en tegnieke van muurbal. 'n Tekort aan bane is ook 'n groot deel van die probleem. As daar meer bane is, sal meer mense muurbal speel, wat die gehalte van die spel automaties sal verhoog.

Volgens die organiseerder van die muurbalklub, mnr. John du Toit, sal die onkoste aan die oprig van nuwe muurbalbane groot wees. Die vorige muurbalbane wat opgerig is, moet nog afbetaal word. Hy glo nie dat daar 'n té groot aanvraag na nuwe bane is nie, maar sê dat daar wel nuwe bane opgerig sal word wanneer die geld beskikbaar is. Al die spelers bespreek nie gereeld twee maal per week nie. Die gereelde spelers behoort dus nie probleme te hê om bane in die hande te kry nie.

Sokker

# Libertas wen

LIBERTAS het die kroon op 'n baie suksesvolle sokkerseisoen gespan deur gister die Frank Lyons-beker in die koshuisliga te verower

In 'n baie spannende eindstryd het Libertas daarin geslaag om Helshoogte met drie strafdoele teen een te klop.

Libertas het vroeg voorgeloop met 'n doel deur Werner Volkman. Tony Cowley het Helshoogte laat in die eerste helfte met 'n baie goeie doel, ietwat teen die verloop van die spel in, laat gelykop trek.

Die tweede helfte het baie gelykop verloop en nie een van die twee spanne het gelyk of hulle 'n doel kon aanteken nie.

Met die speeltyd verstreke was die telling een elk. Ná twintig minute se ekstra-tyd, waarin op dieselfde trant voortgespeel is en geen span gedoel het nie, is die uitslag van die wedstryd deur strafdoele bepaal.

rega
The best looking turntables you've ever set ears on.

The lack of gimmicks and gadgets is in direct proportion to the concentration of high quality. The combination of glass platter and felt mat is an integral part of the unit's musicality and isolation from mechanical and acoustic feedback.
GAS 1744

ROTEL hifi

RA820 Integrated amplifier
Designed to provide "state-of-the-art" performance at a modest price, this amplifier is capable of delivering volume levels far in excess of its conservative 25watt rating.
RA840BX, RA820BX Integrated amplifiers
The BX designation indicates that all components have been hand-selected for the closest tolerances, resulting in vastly improved performance.
RT850, RT830 AM/FM Stereo Tuners
Rotel tuners combine a high level of performance with ease of use. High sensitivity and selectivity ensure excellent reception of AM and FM stations with quartz synthesis in the RT850 and analog MOS FET frontend in the RT830 allowing you to achieve optimal tuning.
RD850, RD830 Cassette Decks
A precision transport mechanism and an electronically controlled high-torque motor combine for very low wow and flutter. Convenient and easy to use systems.
GAS 1744

Stellenbosch Furniture Co. (Pty) Ltd.
Meubel Maatskappy (Edms) Bpk.
cnr Andringa & Church Streets · ☎ (02231) 73004/5/6

Branderry

# Regenkamp is beste Matie

MARTIN REGENKAMP het die onlangse Matie-kampioenskappe op Pringlebaai gewen.

Toekie Koerig was tweede, Anton Grové derde en Lance Slabbert vierde.

Hierdie kompetisie het die USSC (University of Stellenbosch Surf Club) se jaarlikse bedrywighede afgesluit. Die klub se bedrywighede word Donderdagaand amptelik deur 'n algemene jaarvergadering afgesluit.

Die nuwe bestuur vir 1987 sal op hierdie geleentheid gekies word.

Die klub se kompetisies sal eers weer volgende jaar 'n aanvang neem.

Fietsry

# Pierre Smit ry voor

Deur NIKKI BRYNARD

DIE Matie- en Springbokryer, Pierre Smit, het die afgelope naweek die Hawks-fietsryklub se byeenkoms oor 80 km gewen.

Die Junior Springbok en voorsitter van die Matie-fietsryklub, Fourie Kotzé, het derde geëindig.

Onder die junior ryers in die Matiespan is die junior Springbok, Frans Hansen, en twee WP ryers, Paul Mazewski en Werner Welgemoed, die uitblinkers.

Daar is drie senior uitblinkers: die Springbok Pierre Smit, junior Springbok Fourie Kotzé en WP-ryer Michael Bellstedt.



Willie Mankayi rejoices in his 3 h16 win in the Rooibos Marathon.

Krieket

# UPE eerste opponente

DIE krieketklub begin reeds Saterdag met hul nuwe seisoen deur aan die ses-aan-'n-kant kompetisie in die Paarl deel te neem.

Aanstaande Dinsdag en Woensdag word die Intervarsity teen die Universiteit van Port-Elizabeth op Coetzenburg gespeel. Provinsiale spelers wat in aksie gesien kan word, sluit in Daryll Cullinan (WP-A), Dave Rundle (WP-B) en Barry Touzel (WP-B).

Spelers in die UPE-kamp wat ook vir die Oostelike Provinsie speel, is onder andere Mark Rushmere en Vlam Michau. Die Suid-Afrikaner wat onlangs uit Australiese krieket getree het, Kepler Wessels, sal ook by dié geleentheid speel.

In die SAU-kampioenskappe wat in Desember 1985 gehou is, is Daryll Cullinan gekies tot die SAU A-span, terwyl Riaan Gouws gekies is vir die B-span.

Volgens Francios de Manielle, spankaptein, sal die span met die uitsondering van moontlike eerstejaars volgende jaar, dieselfde wees. Hy glo dat die span net kan verbeter aangesien die spanlede dan reeds vir twee seisoene saamspeel.

Die span sal ook vir die tweede agtereenvolgende jaar deur die Engelse professionele speler, Stephan Farrel, afgerig word.

Hoogtepunte uit verlede seisoen sluit onder andere die oorwinning met 17 lopies oor die Ikeys in die Benson en Hedges-reeks. Die span het ook sesde uit veertien geeindig in die Eendaagse Liga.

Op 15 Oktober speel die span teen Boland Elftal.

Die Markhams-reeks begin op 4 Oktober teen Groenpunt. Die Stellenbosse klub sal sewe wedstryde tuis speel in die reeks. Die wedstryde word as volg gespeel:

Groenpunt-krieketklub: 4 en 10 Oktober (tuis); Vishoek-krieketklub: 11 en 18 Oktober (tuis); Techmutual: 25 Oktober en 1 November (tuis); Weermag: 8 en 9 November (tuis); Westelike Provinsie-krieketklub: 15 en 22 November (tuis); Universiteit van Kaapstad: 29 November en 6 Desember (weg); Noordelikes: 13 en 20 Desember (weg).

Rooibos Marathon

# Sonja, the queen, breaks SA record

By ANDY WILLIAMS

WILLIE MANKAYI of Ciskei Defence won the 1986 Rooibos Stellenbosch Marathon last Saturday.

Mankayi, delighted with his win, predicted beforehand that he was fit for a 2 hrs 16 min marathon. His words proved true. He made his break at the 35 km mark and from then on there was no stopping him.

"The weather was perfect and I felt good the whole way. I'll probably be back in November to take part in the Kellerprinz Marathon and maybe go for a win then as well", Mankayi said after his magnificent win.

Sonja Laxton, the queen of SA women athletics, picked up R 5650 in prize money. She broke the SA record by a mere one second. The delighted Wanderers' athlete finished in 2 hrs 35 min 44 sec, which was a full minute better than her previous best time for the marathon.

"Well I must go for a short jog this afternoon to overcome any possible stiffness!", said Sonja shortly afterwards. "I loved it out there today, the spectators and the organization made it a wonderful morning. I was on a eight week training programme for this marathon but the first three weeks were interrupted with illness and injury, so I'm obviously thrilled with my time today", she added.

The big question before the race was whether Ben Choeu, winner for the past two years would succeed in 1986 as well.

"I've only been covering 70 km a week in training", said Choeu beforehand. "I'm not very motivated at the moment as last week I was retrenched from Matla mine and had to return home", he added. The defending champion never posed a threat and struggled to a 2 hrs 24min. marathon, well below his best.

Another pre-race favorite, Siphiwe Cquele, this year's Two Oceans winner, has been struggling to regain form after 'flu put him out of the Comrades this year. He could only manage 15 th position in 2 hrs 24 min 52 sec.

Escom sent down a strong team again this year and retained the team trophy. Their top runner Miltas Tshabalala came home second.

During the first half of the race an upset appeared possible as two Maties joined forces and opened up a big gap on the rest of the field.

The fast first half took its toll and Verster Kriel, running his last race in Matie colours, held on to finish in sixth position with a best ever marathon time of 2 hrs 19 min 11 sec. Gerhard Joubert, in his debut marathon, found the last 10 km murderous but still finished in a creditable 2 hrs 30 min 19 sec in 24 th position.

Fanie Wessels and Maarten Jacobs were the third and fourth Matie runner's home in 2 hrs 45 min and 2 hrs 48 min respectively.

Sonja Terblanche picked up R 100 for being the first Matie women runner home in 3 hrs 34 min.


$ VAKANSIEWERK $

MATIES VERDIEN R172 952,51
(JUNIE-VAKANSIE '86) (REEDS ONTVANG)


* GEEN GEWAGTERY VIR LATERE "MOONTLIKE" GELDE NIE.

* DOEN NOU AANSOEK VIR SEPTEMBER/DESEMBER OM TELEURSTELLING TE VOORKOM!!

* TOT 30% KOMMISSIE.




$




.................................... stel belang om vir DUPLEX vakansiewerk te doen

ADRES ....................................

.................................... TEL NR. ....................

Pos aan: DUPLEX, Bus 2393, Stellenbosch
TEL.: 73620/1 (02231)

